# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 3



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

2

Kwartaal 3

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Ilustreerders**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek. Ander illustrasies is verskaf deur: Nelri Malan: Bladsy 10, 22, 50; Alex Latimer: Bladsy 19, 26, 34 en 80; Patrick Latimer: Bladsy 32, 82, 104 en 126; Zinelda McDonald: Bladsy 38, 43, 68, 103, 104 en 111; Jiggs Snaddon-Wood: Bladsy 55, 56, 68, 72 en 75; Rassie Erasmus: klankwoorde.

**Omslag**

Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

**Funda Wande Media-span:** alle foto's geneem in skole en klaskamers; Bladsy 84 (pikkewyn-padteken); **Shutterstock:** Bladsy 8: Iron Casper (waterfiltereksperiment); Bladsy 46: tirc83 (bus); **iStock:** Bladsy 8: eyjafjallajokull (meng van sement); Bladsy 12: Michael David Hill (mol); Bladsy 20: pfly (erdwurm); CSIRO (termiet); Bladsy 24: Anthony Webb (Drakensberg-amfiteater); Bladsy 46: Isuzu Truck Centre (bakkie); Bladsy 56: Danie van der Merwe (eerste stoomtrein); John Middleton (eerste elektriese trein); Leith Paxton Collection (eerste dieseltrein); Bob Adams (Gau-trein); Bladsy 60: Vincent van Gogh (*Sunflowers*); Bladsy 72: Oregon State University (Wangari Maathai).

'n Spesiale dank aan Leonard Ngure vir toestemming om sy skildery *Dagoretti Market* op Bladsy 48 te mag reproduseer.

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-17-7

Version 2: 2024

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 2, Kwartaal 3, CC BY 4.0.*

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud

**Ikone en afkortings** iv

**Oorsig van Funda Wande-materiaal**

Onderwysersgids: Wat om te onderrig 1

Metodiekgids: Hoe om te onderrig 1

Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig 1

Onderrigplan, Kwartaal 3 2

Weeklikse rooster, Kwartaal 3 4

Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 3 5

**Week 1** Die wetenskap van grond 6

**Week 2** Die wetenskap van grond 18

**Week 3** Aan die gang 30

**Week 4** Aan die gang 42

**Week 5** Treine 54

**Week 6** Boomplantweek 66

**Week 7** Bly veilig op die pad 78

**Week 8** Bly veilig op die pad 90

**Week 9** Wie kan help? 102

**Week 10** Vaslegging en hersiening 114

**Assesseringsplan, Kwartaal 3** 116

Assesseringsplan, Kwartaal 3 116

Puntestate, Kwartaal 3 116

Luister en Praat Assessering 117

Klanke Assessering 118

Lees en Begrip Assessering 119

Handskrif Assessering 120

Skryf Assessering 121

AK en PSW Assessering 122

Visuele Kunste Assessering 123

Uitvoerende Kunste Assessering 124

Liggaamsopvoeding Assessering 125

**Assesseringswerkvelle** 126

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of<br>Luister en Praat |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf en Handskrif |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |
|  | Sien na en gee<br>terugvoering |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Welstand |
|  | Aanvangskennis<br>en PSW |
|  | Skeppende<br>Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Skryf | Kleur in<br>of teken | Knip uit |

Metodiekgids – MG
Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welstand – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – PL
Onafhanklike Werk – OW

# Oorsig van Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1–3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

## Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar 'n **Onderwysersgids (OG)**. Die gidse is 'n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.

Die gids skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. 'n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.








## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




'n Aparte, oorkoepelende **Metodiekgids (MG)** gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal of om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut. **Op Maandae word spesifieke bladsye in die MG aangedui wat die onderrig van die week se lesse ondersteun.**

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in die soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om die soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in die soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is 'n hulpbron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1–3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB'e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in 'n oefenboek voltooi.








Die **Grootboeke (GB'e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 asook vir Kwartaal 1 en 2 in Graad 2. Die GB-bladsye kom ook in die LAB voor.

## Onderrigplan, Kwartaal 3

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Klanke | Begrip | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Die wetenskap van grond** | *Die grond-wetenskaplikes* | *Die grond-wetenskaplikes* | kl-<br>kn- | | |
| 2 | **Die wetenskap van grond** | *Hoe MaZaca se kool verdwyn het* | *Die grond-wetenskaplikes* | kr-<br>kw- | Veelkeuse- en uitgebreide teksvrae oor *Die grondwetenskaplikes* | |
| 3 | **Aan die gang** | *Mkhulu se kruiwa* | *Mkhulu se kruiwa* | pl-<br>pr- | | |
| 4 | **Aan die gang** | *Mevrou Keketso die taxi-bestuurder* | *Mkhulu se kruiwa* | sk-<br>sl- | Veelkeuse- en volgordevrae oor *Mkhulu se kruiwa* | |
| 5 | **Treine** | *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* | *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* | sm-<br>sn- | | |
| 6 | **Boomplantweek** | *Die knorrige boom* | *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* | sp-<br>st- | Veelkeuse- en teksvrae oor *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* | |
| 7 | **Bly veilig op die pad** | *Skolier-patrollie* | *Skolier-patrollie* | sw-<br>tr | | |
| 8 | **Bly veilig op die pad** | *'n Onderhoud met 'n verkeers-beampte* | *Skolier-patrollie* | vl-<br>vr: | Veelkeuse- en teksvrae oor *Skolierpatrollie* | |
| 9 | **Wie kan help?** | *Die wolf en die sewe bokkies* | *Die wolf en die sewe bokkies* | spr-<br>str- | Veelkeusevrae oor *Die wolf en die sewe bokkies* | |
| 10 | **Vaslegging en hersiening** | *Die wolf en die sewe bokkies* | | Hersiening | | |

| Taal-strukture | Skryf | Lewens-vaardigheid: Inligtingsteks | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Sien die *Funda Wande Metodiekgids* bladsy 19–21 vir die taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig dit gedurende Gedeelde Lees- en Skryflesse. | GS: en OS: Feitelike oorvertelling van kompos-eksperiment<br>SS: Nuus | Grond is belangrik | Kom ons maak kompos | VK: Neem waar en teken 'n vrug of groente<br>UK: Lokomotoriese bewegings – "modderdans" | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Modder en my sintuie<br>Nuus | Grond-superhelde | Gronderosie | VK: Maak 'n klein blompotjie<br>UK: Maak en gebruik slaginstrumente | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Vervoerraaisels<br>Nuus | Reis met my skoene | Vervoer en die omgewing<br>Waarom reis hulle? | VK: Maak 'n snaakse voertuig<br>UK: 'n Liedjie oor vervoer:<br>Fokus op tempo – vinnige en stadige bewegings | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Nuwe storie<br>Nuus | Hoeveel wiele? | Nog wiele<br>My eerste kompos-verslag | VK: Maak 'n snaakse voertuig<br>UK: Gee terugvoering oor snaakse voertuigresies<br>Poliritmes en lettergrepe | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: 'n Word-gou-gesond-kaartjie<br>Nuus | Geskiedenis van Suid-Afrikaanse treine | Plaas die treine in orde<br>Hoe om kleure te meng | VK: Teken 'n gedetailleerde prentjie van 'n trein<br>UK: Rolpspel 'n treinrit | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Oorvertelling van 'n storie<br>Nuus | Waarom moet ons bome plant? | 'n Kalender met spesiale dae<br>My tweede kompos-verslag | VK: Skilder blomme<br>UK: 'n Lentedans<br>'n Liedjie oor bome | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: 2 paragrawe oor padveiligheid<br>Nuus | Wees helder, wees sigbaar, wees veilig! | Wie is veilig?<br>Bly veilig op openbare vervoer | VK: Maak 'n padteken<br>UK: Dramatiseer om die pad veilig oor te steek | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Beskrywing van hoe om die pad oor te steek<br>Nuus | Stop! Kyk! Luister! Dink! | Hersiening van vorige weke<br>My derde kompos-verslag | VK: Maak 'n pikkewyn<br>UK: Improviseer en rolspeel 'n onderhoud | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | GS en OS: Dialoog – Vra hulp<br>Nuus | Maak 'n noodoproep | Wat om in 'n noodgeval te doen<br>Veiliger vreemdelinge | VK: Maak handpoppe<br>UK: Doen poppespel – vra vir hulp | Kies vier aktiwiteite vir die week |
| | Nuus | Vier Blomplantweek en Lente | Plant sade in die kompos | | Kies vier aktiwiteite vir die week |

## Weeklikse rooster

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

| GRAAD 2 (Minimum HT) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **WISKUNDE*<br>85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag / 96 min x 5 dae vir die inhaalrooster** | | | | | |
| **AANVANGSKENNIS EN PSW** | | | | | |
| **15 min** | Mondeling (HT)<br>(Lees hardop) | Mondeling (PSW)<br>*Oplettende ek*<br>*(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW)<br>*Ek dink ek voel ...*<br>*(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW)<br>Liedjie/gedig<br>*(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (HT)<br>(*Vind uit*: bespreking) |
| **15 min** | AK<br>(Teksgebaseerde les) | AK<br>(Aktiwiteit) | AK<br>(*Vind uit*) | PSW<br>(Aktiwiteit) | AK-aktiwiteit<br>(*Vind uit*: Skryf)<br>*(Laat les weg vir die inhaalrooster en vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL)* |
| **LEES EN SKRYF** | | | | | |
| **15 min** | Klanke (Nuwe letter-klank) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke<br>(Klankfamilies) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Diktee/ Spoedlees woorde) |
| **15 min** | Lees (Gedeelde) | Lees (Maak sinne) | Lees (In pare en onafhanklik) | Lees | |
| **15 min** | Skryf (Nuus) | Gedeelde Skryf | Onafhanklike Skryf | Redigeer/ Begriplees | Onafhanklike Skryf |
| **10 min** | Inleiding tot Handskrif en Onafhanklike Werk-aktiwiteite | | | | |
| **30 min** | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite |
| **10 min** | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer |
| **15 min** | | | | | Sien na en gee terugvoering |
| **25 min** | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* |
| **LEWENSVAARDIGHEID** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste<br>*(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste<br>*(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk)* | |
| **30 min** | **Liggaams-opvoeding**<br>(Inleiding)<br>*(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding**<br>(Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding**<br>(Aktiwiteitstasies)<br>*(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding**<br>(Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding**<br>(Aktiwiteitstasies)<br>*(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Vind uit: Skryf)* |

*Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie

## Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 3

Kies vier aktiwiteite per week deur op verskillende vaardighede te fokus.

| Beweging |
|---|
| • Hindernisbaan met boontjiesak op hand/skouer/voet/kop.<br>• Inoefening van reaksiespeletjie, byvoorbeeld, reageer op onderwyser se bevel: hardloop … raak aan die vloer … spring … stop, ens. |
| **Perseptueel-motories** |
| • Vryspel en tyd om met die gebruike van 'n boontjiesak te eksperimenteer.<br>• Waarnemingspeletjies wat 'n patroon volg – plaas items in die korrekte volgorde, byvoorbeeld, hardloop en sit merkers in die regte volgorde op voorafopgestelde plekke.<br>• Vang en gooi 'n tennisbal. |
| **Ritme** |
| • Hang aan die stawe van die hangbruggie deur die oorhandgreep te gebruik.<br>• Swaai aan die horisontale stawe van die klimraam deur die oorhandgreep te gebruik. |
| **Lateraliteit** |
| • Gooi 'n bal kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.<br>• Oefen laterale borsbewegings, bv. gooi 'n bal sywaarts (L/R) soos in rugby. |
| **Balans** |
| • Balanseer op een been.<br>• Balanseer deur op toue, planke en balanseerbalke te beweeg (balanseer op een been met arms horisontaal uitgestrek).<br>• Perd-en-wa.<br>• Swaai hoepels met arms, heupe en nek. |
| **Koördinasie** |
| • Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.<br>• Beweeg voort op die stawe van die klimraam deur die oorhandgreep te gebruik. |
| **Sport en speletjies** |
| • Deel die leerders in spanne op en laat hulle deelneem aan aflosresies – verduidelik die reëls en hoe dit werk.<br>• Tradisionele speletjies wat deur die leerders gekies word. |
| **Ruimtelike oriëntasie** |
| • Stel agteroorrolle bekend – beklemtoon veiligheid.<br>• Wolf-en-skaap – optimale gebruik van die speelarea.<br>• Kruip deur 'n "tonnel", byvoorbeeld, onderdeur 'n stoel, motorbande of selfgemaakte tonnels. |

# Die wetenskap van grond



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kleinste | grootste | piepklein

vergrootglas | wetenskaplike

**Sinstrook**

Die onderwyser het die kinders geleer van piepklein wesens wat in die grond leef.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare **LAB bladsy 16**
2. Handskrif 1 
3. Handskrif 2 VvWw
4. Handskrif 3 **Die klein ponie klim en klouter oor die klippe.**
   **Naam** ____________________
5. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 1 bladsy 127**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 1 bladsy 53**
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid **bladsy 3**
8. Woordeboek
   **kleinste grootste piepklein vergrootglas wetenskaplike**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE



- Genoeg vrugte en/of groente sodat daar vir elke leerder een is – appels of aartappels is die geskikste aangesien dit hard is.
- Vetkryte of inkleurpotlode
- Papier om op te teken
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite: 2ℓ plastiekbottel, 2 koppies grond, koerant, groenteskille/dooie gras, 2 koppies water, merkpen
- Apparaat vir kompos-eksperiment

# Die grondwetenskaplikes



"Wat is die grootste dier wat julle ken?" het die onderwyser gevra.

"'n Renoster!" het Ayanda gesê.

"'n Olifant!" het Amos gesê.

"Mev. Dlamini se groot, swart bul," het Jakob gesê.

"Hulle is almal baie groot diere," het die onderwyser gesê.

Hulle is reusagtig!

En wat is die kleinste diertjie wat julle ken?"

"'n Muis!" het Ayanda gesê.

"'n Spinnekop!" het Simson gesê.

"'n Vlooi!" het Lindiwe gesê.

"Hulle is almal baie klein diertjies," het die onderwyser gesê.

"Maar het julle geweet dat daar diertjies is wat só klein is dat ons hulle nie kan sien nie?"

Almal was verbaas. "Waar is hulle?" het Sipho gevra.

"Byna oral," het die onderwyser gesê, "maar kom ons kyk wat ons in hierdie grond uit die tuin kan kry."

Sy het vir elke groep 'n **vergrootglas** gegee. "Sprei die grond op julle papier uit en maak seker dat daar genoeg lig op julle papier en grond skyn. Kyk deur die vergrootglas na die grond. Sien julle enige klein diertjies?"

"Ek sien klein wurmpies!" het Precious gesê.

"Ek sien iets met baie pote!" het Simson gesê.

"Ek sien iets met baie hare!" het Lindiwe gesê.

"Ek sien iets wat spring!" het Ayanda gesê.

"Ek sien baie klein eiertjies!" het Amos geê.

"My beurt, my beurt!" het Sipho gesê. Hy wou ook alles sien wat die ander kinders gesien het.

Die klok het gelui. "Dit is pouse," het die onderwyser gesê. "Dit is tyd om buitentoe te gaan."

"Mag ek asseblief bly?" het Sipho gevra. Hy het die hele pouse lank deur die vergrootglas gekyk en **miniatuur**diertjies in die grond gekry. Die onderwyser het gelag toe sy sien hoe besig hy is. Hy het vir haar gesê wat hy gekry het. "Ek het 'n klein rooi wurmpie gekry," het hy gesê, "en 'n klomp baie klein eiertjies, 'n paar silwer wurms, iets met klein pootjies, en iets met 'n klein koppie en 'n lang lyf. En ek het ook gesien hoe 'n diertjie iets anders wat beweeg, geëet het!"

"Jy jok," het Jakob gesê. "Jy het nie al daardie goed gesien nie!"

"Ek het," het Sipho gesê, "miskien het my bril my gehelp. Ek wil 'n **wetenskaplike** word! Ek het dit baie geniet om daardie klein goedjies te soek!"

## WOORDESKAT

**vergrootglas** – 'n lens wat dinge groter laat lyk

**miniatuur** – baie klein; 'n sinoniem vir klein

**wetenskaplike** – 'n persoon wat wetenskap en die natuur bestudeer en baie daaroor weet

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Die grondwetenskaplikes*

OG bl. 7

15 min



**Voor lees**
- Wat doen wetenskaplikes?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

## AANVANGSKENNIS Grond is belangrik

bl. 8

15 min




**Bestaande kennis**
- Het julle al ooit grond van naderby bekyk soos Sipho en sy maats in die storie gedoen het?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die foto's en lees die teks.

**Bespreek**
- Wat is die dinge wat julle in die grond gekry het? (*sand, klippies, organiese materiaal, ens.*)
- Noem 'n paar gebruike van grond.
- Hoe kan mense grond verander?

## KLANKE Die kl-klank

bl. 9

15 min

MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Die grondwetenskaplikes*

bl. 2–7

15 min




**Prentloop**
- Dit is 'n strokiesprentverhaal – die teks is meestal in die **spraakborrels**.
- Wat is in elke **raam**?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 2, wys na die woord wat vir ons sê dat daar baie klein goedjies in die grond was.
- Op bladsy 3, wys na die spraakborrel wat vir ons vertel wat Precious gesien het.
- Hoe weet julle dat dit spraakwoorde is?
- Op bladsy 4, wys na die woord wat vir ons vertel wat Lindiwe gesien het.
- Hoe sal jy voel as jy soiets deur 'n vergrootglas sien?



## HANDSKRIF



30 min

MG bl. 31–37

**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 6).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES



MG bl. 31–37

5 min + 30 min



MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Teken vrugte of groente

30 min



**Neem waar**
- Gee vir elke leerder van dieselfde soort vrugte of groente.
- Die leerders kyk versigtig na hul vrug/groente en kyk na die vorm, grootte, kleur en skakering daarvan. Hulle voel aan die groente/vrug en kyk na die vorm en fatsoen daarvan.

Bespreek die belangrikheid van waarneming wanneer hulle teken.

**Werk in groepe**
- Vra die leerders om hul vrugte/groente op 'n hoop te sit en dit deurmekaar te maak.
- Die leerders maak beurte om te probeer om "hulle s'n" uit die hoop te identifiseer.
- Die leerders verduidelik aan die groep hoe hulle geweet het dat dit "hulle s'n" is.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Herinner die leerders om kalm asem te haal wanneer hulle kwaad of ongelukkig voel.
- Vra die leerders om aan 'n plek te dink waar hulle altyd gelukkig voel, bv. in die bed, in die tuin, om langs 'n spesiale maatjie te sit.
- Vra die leerders om hulle oë toe te maak en stadig in en uit te asem. Hulle moet hulle verbeel hulle is op hul gelukkige plek.
- Die leerders maak hul oë oop en deel met 'n maat hoe dit hulle laat voel het.
- Verduidelik dat hierdie nóg 'n aktiwiteit is wat kan help as hulle ongelukkig voel.



## AANVANGSKENNIS Kom ons maak kompos

bl. 10

15 min



DATUM

Kom ons maak kompos

Kompos verbeter die grond sodat plante beter daarin kan groei. Kompos word gemaak van verrotte plante wat deur wurms, insekte en bakterieë opgebreek word.

Wat jy nodig het

2-liter plastiekbottel
2 koppies grond
Koerantpapier
Vrugte- en groenteskille/ droë gras
1 koppie water
'n Merker

Wat om te doen

1 Sny die boonste deel van die plastiekbottel af om 'n skarnier te maak.

2 Gooi van die grond op die bodem van die plastiekbottel. Gooi 'n handvol koerantpapier-stroke in die bottel. Gooi dan van die groenteafval en 'n laag droë/ dooie blare of gras in. Herhaal die lae totdat die bottel amper vol is.
Vrugte- en groenteskille/ droë gras
Koerantpapier
Grond

3 Gooi water by.

4 Trek 'n streep op die bottel om die bokant van die bestandele aan te dui.

5 Plaas die bottel op 'n vensterbank wat baie sonlig kry.

Merk elke tweede week die bokant van die bestanddele. Skryf die datum daarby.

10 • WEEK 1 • DINSDAG

**Sluit aan by gister se les**

- Herinner leerders aan die vraag: Kan mense grond verander?

**Groepe**

- Lees die instruksies vir en saam met die leerders.
- Gee aan elke groep die nodige apparaat vir die eksperiment.
- Die leerders werk in groepe en maak hul kombosbottel.

**Teken aan**

- Die leerders merk en dateer die boonste deel van die komposbottel.



## KLANKE Kies die regte woord

bl. 11

15 min

MG bl. 8–13



DATUM

Kies die regte woord.

klits
klip
klere
klou
klei
klop

1 Die dief het die ruit met die klip stukkend gegooi.

2 Sia ______ aan die bure se deur.

3 Die apie ______ aan sy mamma.

4 Ons ______ die mengsel om 'n koek te bak.

5 In die winter dra ons warm ______.

6 Sus maak diere van die ______ .

WEEK 1 • DINSDAG • 11

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



## LEES Sinsbou

bl. 115

15 min

MG bl. 19–21



Die onderwyser het die

kinders geleer van piepklein

wesens wat in die grond leef.

WEEK 1

115

**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook op bladsy 115 uit.

**Lees saam**

- Het hierdie sin in die verlede gebeur?
- Hoe weet julle dit?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/ woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.

- **Wie?** die onderwyser
- **Vir wie?** die kinders
- **Wat?** geleer
- **Waarvan?** van pieklein wesens/diere
- **Waar?** wat in die grond
- **Wat doen?** leef

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sinne** in op bladsy 13 in die LAB.



## GEDEELDE SKRYF

**Beskryf iets wat reeds gebeur het**

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**
- Hoe beskryf jy iets wat jy alreeds gedoen het?
- Gebruik die aksiewoorde in die verlede tyd.
- Gebruik volgordewoorde om die opeenvolging van gebeure te beskryf.

**Wys die skryfraam**
- Verlede tyd: Volgordewoorde
- Aksiewoorde

**Dinkskrum**
- Kies 'n aktiwiteit van verlede kwartaal om te beskryf, byvoorbeeld, hoe om 'n modelkrokodil te maak in Week 8.

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die stappe op die bord te skryf.







## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.






## VISUELE KUNSTE

**Teken vrugte en groente**

30 min

**Berei voor**
- Gee vir elke leerder papier, potloodkryte en 'n vrug of groente.
- Soos gister, moet hulle dit goed bekyk, en veral kyk na die vorm, kleure, skakering, snye of vlekke.

**Teken**
- Die leerders teken en kleur hul vrug of groente in, en maak dit so realisties as moontlik.

**Wys**

**Assesseer self** Voltooi die rubriek op bladsy 13 in die LAB.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN — Ek dink, ek voel …

15 min



**Vraag**
- Wat wil jy graag doen as jy groot is? Hoekom?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder ’n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS — Ondergrondse mynwerkers

bl. 12
15 min
MG bl. 45




**Maak ’n KWL-kaart oor molle**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE — Die kn-klank

bl. 13
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Die grondwetenskaplikes*

bl. 2–4
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Die grondwetenskaplikes* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepies van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF — Hoe ek kompos gemaak het

15 min

MG bl. 38–41




**Hersien die hervertellingformaat**

- Verledetydsvorme van die werkwoorde om aksie te beskryf.
- Rangskikking van volgordewoorde – eerste, volgende, dan, laastens.

**Dinkskrum die woordeskat**

- Kompos, koerante, vrugteskille, groente-afval, grond ens.

**Skryf**

- Leerders gebruik die skryfraam van gister om te beskryf hoe hulle kompos gemaak het.





## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE — 'n Modderdans

30 min



**Warm op**

- Die leerders beweeg en vries dan hul liggame in verskillende vorms. Verander van rigting elke keer wanneer hulle begin beweeg.

**Bespreek verskillende bewegings**

- Verbeel julle julle beweeg in modder. Bespreek verskillende maniere om in modder te beweeg, bv. trap-trap-trap; spring-spring-spring; gly-gly-gly; druk-druk-druk; ens.

**Klasaktiwiteit**

- Speel musiek en laat die leerders dans asof hulle in die modder is met bewegings soos vroeër bespreek.
- Gee instruksies: gebruik albei voete, spring die heeltyd met dieselfde voet, spring eers op die een voet en dan op die ander voet, ens.
- Die leerders gebruik die spasie rondom hulle sonder om aan mekaar te stamp.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

**Modder!**

Modder, modder, modder
Ek's so lief vir modder
Modder, modder, modder.
Sjoep, sjoep, papsag
modder.

Sit vas aan my voete
Dit druk deur my tone
Dit plons en drup.
Trap, trap trap!

Modder, modder, modder
Ek's so lief vir modder
Modder, modder, modder.
Sjoep, sjoep, papsag
modder

Roer dit met jou hande
Maak 'n modderpastei!
Verbeel jou dis 'n koek!
Klap, klap, klap.

Modder, modder, modder
Ek's so lief vir modder
Modder, modder, modder
Sjoep, sjoep, papsag
modder.

## AANVANGSKENNIS — Wat om in kompos te sit

bl. 14
15 min




**Bestaande kennis**
- Wat het jy in jou kompos gesit?
- Watter dinge sal begin sleg ruik as jy dit by jou kompos voeg?

**Lees die bladsy**
- Wat wys die prent?
- Watter dinge kan jy by kompos voeg?
- Watter dinge moet nie by kompos gevoeg word nie?

**Doen die aktiwiteit**
- Lees die woorde en kyk na die prente.
- Kleur die verskillende items rooi of groen in.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min
MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die temastorie (sien LAB bladsy 2–7).
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord dui aan dat die dinge wat in die grond gevind is, baie klein is? (*piepklein*)
- Watter ander woorde (sinonieme) kan ons vir *piepklein* gebruik?
- Dink aan sinonieme vir *groot*.



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees ’n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Wys hoe om die sin meer interessant te maak (byvoorbeeld deur sinonieme te gebruik, bv. vervang “gekyk” met “ondersoek”, “staar” met “loer”, ens.)

**Pare: lees, sien na en verbeter**
- Die leerders lees ’n sin uit hul skryfwerk van gister aan ’n maat.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin.
- Kan jy jou sin meer interessant maak deur ’n sinoniem vir een woord te gebruik?





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Opvoering

30 min



**Groepwerk**
- Groepe gebruik sommige aksies van die vorige dag se dansaktiwiteit terwyl hulle die gedig *Modder* resiteer.

**Voer op**
- Elke groep voer die gedig vir die klas op.
- Kies die sterkste groep om eerste op te tree.

**Evalueer**
- Prys en gee applous aan elke groep.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT

bl. 12

15 min

MG bl. 45

- Molle is **karnivore** wat erdwurms, insekte en insektelarwes eet. Hulle kan elke dag meer as hul liggaamsgewig eet.
- Molle het geboë voorpote en kloue wat soos 'n graaf kan grawe.
- Molle het 'n goeie reuksintuig, maar kan nie so goed sien nie.
- Hulle verlam wurms en insekte met die gif in hul speeksel.
- Molle is soogdiere: hulle gee geboorte aan lewende babas en voer hulle met moedersmelk.

**Pare**

- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**

- Vra 'n paar leerders om hul inligting met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart (*Ken, wil Weet, geLeer*).
- Bespreek en verskaf meer inligting.




## AANVANGSKENNIS Ondergrondse mynwerkers

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**

- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 15

15 min

MG bl. 16–17

**Pare lees die woorde**

- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**

- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.


DATUM

Spoedlees woorde

**Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kloek | kos | som | soen | mes |
| grap | aan | wees | steel | koud |
| kous | hom | pas | deel | klip |
| bek | boos | tak | vuis | leer |
| kners | pot | hoes | poel | graaf |
| deur | stoep | gat | ver | knyp |
| self | krom | knoop | fluit | fraai |
| papier | wet | mier | grof | draak |
| klein | pyp | hoop | duim | neut |
| bring | ram | pyn | bloei | frokkie |

Hoogste telling: ________ woorde per minuut

WEEK 1 • VRYDAG • 15

## SKRYF My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES





MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Die wetenskap van grond



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

groente | onkruid | weggespoel | wortels | erosie

**Sinstrook**

Toe Amos deur die vergrootglas gekyk het, het hy eiertjies gesien.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare **LAB bladsy 26**
2. Handskrif 1
3. Handskrif 2
4. Handskrif 3 **Die eend kwaak kwaai vir die jagter wat hom gekwes het.**
   **Naam** ____________________
5. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 1 bladsy 17**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 2 bladsy 7**
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid **bladsy 4, 6**
8. Woordeboek
   **groente onkruid weggespoel wortels erosie**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE



- Benodigdhede vir gronderosie-eksperiment: 2-liter-bottel, los grond, 'n stuk grond met gras wat dit bymekaar hou, maatbeker
- Klei- of soutdeeg – 1 bal per leerder; klein jogurthouertjie
- Verf
- Herwinbare materiaal om slaginstrumente mee te maak (sien bladsy 25)
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

# Hoe MaZaca se kool verdwyn het



MaZaca was ’n ou dame. Sy het alleen langs Sipho en sy ouma gewoon. Sy het ’n paar koeie en ’n groentetuin gehad. In haar tuin het sy boontjies, tamaties en kool geplant.

Een Saterdag het sy vir Sipho ’n klomp ryp tamaties gegee. “Al my tamaties is nou op een slag ryp. So julle moet my help om dit te eet,” het sy gesê.

“Kom ons maak tamatietoebroodjies vir middagete!” het Ouma gesê. Sipho het gehardloop om vir Amos, Ayanda en Precious te gaan roep. “Hi, julle!” het hy geroep. “Ouma gaan tamatietoebroodjies maak! Kom eet saam met ons.”

Hulle is almal na Sipho se huis en het baie tamatietoebroodjies geëet. “Dit was so lekker!” het Ayanda gesê. “Hoe kan ons vir MaZaca dankie sê?”

“Ek weet,” het Sipho gesê, “ons kan al die **onkruid** in haar groentetuin gaan uittrek.”

Gou-gou het hulle al die onkruid uitgetrek. “Dit het nie lank geneem nie,” het Amos gesê. “Kom ons trek die onkruid aan die buitekant van die tuin ook uit, dan is dit oral mooi skoon! MaZaca gaan baie bly wees.”

Daardie nag was daar ’n storm. Die donderweer en weerlig was so erg dat Sipho sy kussing oor sy kop getrek het. “Moenie bang wees nie, my seun,” het Ouma gesê, “al hierdie reën sal help dat MaZaca se groente mooi groei.”

Maar die volgende oggend het hulle MaZaca hoor huil. “Jô! Jô! Jô!” het sy gehuil. “My tuin is weg!” En sy was reg. Die reën het die helfte van haar groentetuin **weggespoel**, al met die paadjie langs. Die koeie was besig om die kool in die paadjie te vreet.

By die skool het Sipho vir sy onderwyser vertel hoe hulle MaZaca probeer help het en wat toe gebeur het. Die onderwyser het gesê: “Dit was baie gaaf om die onkruid uit te trek om dankie te sê. Maar het julle nie geweet dat dit die wortels van plante en gras is wat die grond op hul plek hou nie? As ’n mens onkruid, gras of plante uithaal, kan die reën en die wind die los grond wegspoel of wegwaai. Ons noem dit **gronderosie**.”

“Hoe kan ons nou help?” het Sipho gevra.

“Ek ken ’n goeie Afrika-manier,” het die onderwyser gesê. “Miskien kan ons almal saamwerk.”

*Wat dink jy was die onderwyser se idee? Praat daaroor in die klas.*

## WOORDESKAT

**onkruid** – plante wat op plekke groei waar ons nie wil hê hulle moet groei nie

**weggespoel** – al die grond het verdwyn

**gronderosie** – die boonste deel van die grond wat weggespoel is

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Hoe MaZaca se kool verdwyn het*

OG bl. 18
15 min

**Voor lees**
- Bespreek die prent op bladsy 23 in die LAB. Vra die leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- Vra: Het julle al jul gemeenskap gehelp om iemand te help?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS Grond-superhelde

bl. 17
15 min

**Bestaande kennis**
- Wat het die leerders in Sipho se klas in die grond gesien?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek**
- Wys na die verskillende wesens en sê hul name.
- Hoe help elke wese om die grond gesond te hou?




## KLANKE Die kr-klank

bl. 18
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES *Die grondwetenskaplikes*

bl. 5–7
15 min

**Prentloop**
- Vir wie kan julle in elke raam van die strokiesprent sien?
- Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 4, wys na die woorde wat Simson en Lindiwe sê.
- Op bladsy 5, wys na die woorde wat vir ons sê dat Ayanda nie die wesentjie met haar blote oog kon sien nie.
- Op bladsy 6, wys na die leesteken wat vir ons sê dat Sipho opgewonde was.
- Wys na die woord wat vir ons sê wat Sipho graag sou wou doen as hy groot is.





## HANDSKRIF



30 min

MG bl. 31–37

**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 18).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES



MG bl. 31–37

5 min + 30 min



MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n blompot

30 min



**Bespreek**
- Watter bruikbare items kan ons van klei maak?

**Beplan**
- Wys vir die leerders 'n klein houer soos 'n jogurtbakkie met 'n klein plantjie daarin.
- Hulle gaan 'n houer maak om 'n bakkie soos hierdie in te hou.
- Die leerders beplan individueel wat die grootte en vorm van die blompot wat hulle gaan maak, sal wees.

**Maak**
- Demonstreer hoe om 'n stuk klei te gebruik, 'n holte daarin te maak en die kante van die pot dun te maak.
- Die leerders vorm die pot deur die klei te druk. Steek 'n klein gaatjie in die onderste deel vir dreinering.
- Help die leerders om die klei dik genoeg te maak sodat die potjie nie inmekaar val nie.
- Laat die potte op 'n veilige plek staan om droog te raak.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

# DINSDAG

## WELSYN Oplettende ek

15 min

- Praat oor ander maniere om die "Gelukkige plekkie" waaroor die leerders verlede week gesels het, te vind, bv. tel stadig tot 10.
- Pare sit regoor mekaar.
- Die leerders maak hul oë toe en tel in stilte tot by 10.
- Hulle maak hul oë oop en vertel aan 'n maat (nie dieselfde maat as verlede week nie) oor hulle "Gelukkige plek".



## AANVANGSKENNIS Gronderosie

bl. 19
15 min

**Lees**

- Kyk saam na die diagram.
- Verduidelik dat water grond soms wegspoel.
- Lees die stappe van die eksperiment vir en saam met die leerders.

**Doen die eksperiment**

- Voer die eksperiment met die klas uit deur die instruksies te volg.
- Meet in elke bottel hoeveel water deur die grond drup, en teken die antwoorde op die bord aan.

**Antwoorde**

- Leerders praat oor die verskille tussen erosie as daar slegs grond is en as daar grond en gras is.
- Verskaf die antwoorde vir die aktiwiteit in die LAB op bladsy 19.

**Kontroleer**

- Kontroleer die antwoorde met 'n maat.


DATUM
Gronderosie-eksperiment
Kan die wortels van plante hulself in die grond anker en keer dat water die grond wegspoel?
Wat om te doen
1 Sny 'n plastiekbottel horisontaal deur. Gebruik die groter deel van die bottel.
2 Gooi grond in die een helfte van die bottel. Gooi 'n bietjie grond met gras bo-op in die ander helfte van die bottel.
3 Hou 'n maatbeker teen 'n effense hoek onder die bottel met die grond in.
4 Gooi 100 ml water stadig bo-op die grond en meet hoeveel water in die maatbeker val.
Wat het jy gesien?
Grond
Grond en gras
WEEK 2 • DINSDAG • 19

## KLANKE Vul die ontbrekende klanke in

bl. 20
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**


DATUM
Vul die ontbrekende klanke in.
1 kr at
2 ___oon
3 ___its
4 ___aan
5 ___aai
6 ___aag
7 ___ip
8 ___om
20 • WEEK 2 • DINSDAG

## LEES Sinsbou

bl. 117
15 min
MG bl. 19–21

**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook op bladsy 117 uit.

**Lees saam**

- Wat sê die woord "piepklein" vir ons van die eiers?
- Watter woorde kon julle gebruik as die eiers groot was?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.

- **'n Tydwoord?** toe
- **Wie?** Amos
- **Wat doen?** deur die vergrootglas gekyk
- **Wie?** hy
- **Wat?** piepklein eiertjies
- **Wat gedoen?** gevind

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sin** in op bladsy 28 in die LAB.


Toe Amos deur die
vergrootglas gekyk het, het
hy klein eiertjies gesien.
WEEK 2 117



## GEDEELDE SKRYF

### Grond en my sintuie

15 min

MG bl. 38–41




**Inleiding**
- Bespreek die sintuie – sien, ruik, proe, hoor, voel.
- Sê aan die leerders dat hulle die grond gaan beskryf deur gebruik te maak van hulle sintuie.

**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum**
- Watter woorde kan gebruik word om grond te beskryf?
- Skryf woorde neer vir elk van die sintuie.

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die beskrywings op die bord te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Versier 'n blompot (pot)

30 min



**Skep**
- Die leerders versier die potte wat hulle die vorige dag gemaak het deur verf te gebruik of potloodmerke op die oppervlak te maak.

**Wys**
- Die leerders wys en beskryf hul potte aan die res van die klas.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# WOENSDAG



## WELSYN — Ek dink ek voel ...

15 min



**Vrae**
- Het jy al ooit saam met 'n groep mense gewerk om iemand anders te help? Wat het julle gedoen?
- Was die persoon vir wie julle gehelp het, gelukkig?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS — Waar kom grond vandaan?

bl. 21
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor waar grond vandaan kom**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.



## KLANKE — Die kw-klank

bl. 22
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**



## LEES — *Die grondwetenskaplikes*

bl. 5–7
15 min




**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Die grondwetenskaplikes* in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.



## SKRYF **Modder en my sintuie**

15 min

MG bl. 38–41



**Bespreek**

- Lees weer die Gedeelde Skryf-storie van Dinsdag.
- Hersien die verskillende sintuie.

**Dinskrum die woordeskat**

- Dinkskrum die woorde wat beskryf hoe modder lyk, voel, ens.

**Skryf**

- Gebruik die skryfraam van Dinsdag om oor modder te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE **Maak slaginstrumente**

30 min



**Inleiding**

- Wat is 'n slaginstrument?
- Ons gaan instrumente uit herwinbare materiaal maak. Verskaf materiale soos leë houers, klein klippies, rekkies, plastieksakke, ens.

**Bespreek in groepe**

- Watter instrument sal ons maak? Bv.: skudinstrumente, tromme, sneesdoekbokskitaar.
- Hoe gaan ons die instrument maak?

**Ontwerp**

- Teken 'n skets van die instrument wat julle beplan om te maak.

**Maak**

- Maak die instrument wat julle beplan het.



## LIGGAAMSOPVOEDING **Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Op die wyse van die Engelse liedjie ***I hear thunder***

| | |
|---|---|
| Ons plant groente, ons plant groente | Maak die groente nat, maak die groente nat |
| In ’n ry, in ’n ry | Nie te hard, nie te hard. |
| Grawe en voeg kompos by | Anders spoel die grond weg, |
| Grawe en voeg kompos by | Anders spoel die grond weg. |
| Sodat dit groei, sodat dit groei. | Hou dit daar, hou dit daar. |

## AANVANGSKENNIS — Red MaZaca se tuin

bl. 23
15 min




**Bestaande kennis**
- Wat het met MaZaca se tuin gebeur toe dit gereën het?

**Lees die bladsy**
- Wie sien julle in die prent?
- Wat doen die mense?
- Hoe kan dit gronderosie keer?

**Doen die aktiwiteit**
- Skryf ’n sin oor hoe om gronderosie te keer.

## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

bl. 24
15 min

MG
bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen ’n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die temastorie (sien LAB bladsy 2–7).
- Plaas die flitskaart op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord sê vir julle dat die eiers klein was?
- Watter woord is die teenoorgestelde (antoniem) van klein? (*groot*)
- Maak ’n lys van ander antonieme (teenoorgesteldes), bv. hard/sag, vet/maer, hoog/laag, oop/toe, ens.



## SKRYF — Leesbegrip


DATUM

Leesbegrip

Lees die storie *Die grondwetenskaplikes*.

1. Merk al die regte antwoorde.
   Die onderwyser het die leerders geleer van
   ○ klein diere. ○ groot diere. ○ grond.

2. Lees die tabel. Wat het elke leerder gesien?
   Maak 'n kruisie in die regte blokkie.

| | Precious | Samson | Lindiwe | Ayanda | Amos |
|---|---|---|---|---|---|
| 'n Miet met baie hare | | | | | |
| Piepklein wurmpies | | | | | |
| Iets wat gespring het | | | | | |
| Iets met baie pote | | | | | |
| Piepklein eiertjies | | | | | |

3. Wat wil Sipho graag wees wanneer hy groot is?

4. Wat wil jy graag wees wanneer jy groot is?

WEEK 2 • DONDERDAG • 25

bl. 25

15 min

**Hersien**
- Lees weer die storie *Die grondwetenskaplikes*.

**Antwoord die vrae**
- Die leerders moet dit nie uit hul geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Kontroleer die antwoord saam**





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE — Speel 'n musiekinstrument

30 min



**Oefen**
- Elke groep kies 'n liedjie en speel hul instrumente terwyl hulle dit sing.

**Voer op**
- Elke groep voer hul liedjie op.

**Evalueer**
- Bespreek hoe goed die verskillende instrumente gewerk het.

**Kommunikeer**
- Die groepe verduidelik hoe hulle hul musiekinstrumente gemaak het.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT — Waar kom grond vandaan?

bl. 21 | 15 min | MG bl. 45




- Berge kan deur reën, wind, vuur en hitte afgebreek word.
- Berge bestaan uit verskillende soorte rotse. Sommige rotse is baie hard, terwyl ander weer sagter is. Sagte rotse breek makliker in kleiner stukke op as harde rotse.
- Dit kan 500 jaar neem vir ongeveer 1 cm grond om uit rotse te vorm.

**Pare**
- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.

### AANVANGSKENNIS — Waar kom grond vandaan?

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



### KLANKE — Diktee

15 min | MG bl. 10

**Lees die woorde vir diktee**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer**
- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.

knop
krap
flits
kwas
klop

### SKRYF — My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.






## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27




**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Aan die gang



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

herwinning | vullishoop | skadu | gereedskap | geld

**Sinstrook**

"Ons het 'n fietsklokkie vir hierdie kruiwa nodig," het Mkhulu gesê. Hy het toe een by die vullishoop gekry.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 42
2. **Handskrif 1** 
3. **Handskrif 2** Rr Nn
4. **Handskrif 3** Die prins en prinses pluk pragtige proteas.
   Naam ____________________
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 1, bladsy 123
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 3
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 10
8. **Woordeboek**
   herwinning vullishoop skadu gereedskap geld

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Materiale soos bokse, melkhouers, melkbotteldoppies vir die maak van voertuie
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Mkhulu se kruiwa



Mkhulu het sy kruiwa gestoot en allerhande goed bymekaargemaak om na die herwinningsdepot te neem om geld in ruil daarvoor te kry. Sy groot haan Prins Kloek het voor op die kruiwa gesit.

Net toe hulle die pad wou oorsteek, het Ayanda en Sipho vinnig met hul fietse verby hulle gekom. "Pasop, Mkhulu! Pasop, Prins Kloek!" het hulle geskree.

"Ons het 'n fietsklokkie vir hierdie kruiwa nodig," het Mkhulu gesê. Mkhule het na die **vullishoop** gegaan en 'n fietsklokkie op 'n ou **verroeste** fiets gevind. Hy het dit aan sy kruiwa vasgemaak.

"Trieng! Trieng!" het die fietsklokkie gelui.

"Kloe-ke-loe-koe!" het Prins Kloek gekraai.

Mkhule het 'n paar plastiekbottels gevind. Hy het dit op sy kruiwa gesit om na die **herwinningsdepot** te neem om geld in ruil daarvoor te kry. Op pad soontoe was dit baie warm. "Ons het beskerming teen die son vir hierdie kruiwa nodig," het Mkhulu gesê.

Hy het na die vullishoop gegaan en ꞌn paar ou sambrele gevind. Hy het hulle reggemaak en aan die kruiwa vasgemaak. "Trieng! Trieng!" het die fietsklokkie gelui. "Flap! Flap!" het die sambrele gemaak. "Kloe-ke-loe-koe!" het Prins Kloek gekraai.

Mkhulu het 'n paar ou koeldrankblikkies gevind. Hy het dit in sy kruiwa gesit om na die herwinningsdepot te neem om geld in ruil daarvoor te kry. Op pad soontoe het die kruiwa se wiel afgeval. "Ons het gereedskap nodig om hierdie kruiwa reg te maak," het Mkhulu gesê. Hy het na die vullishoop gegaan en 'n hamer en skroefsleutel gevind en die kruiwa reggemaak. Hy het die gereedskap aan sy kruiwa vasgebind en is toe daar weg.

"Trieng! Trieng!" het die fietsklokkie gelui.

"Flap! Flap!" het die sambrele gemaak.

"Kletter! Kletter!" het die hamer en die skroefsleutel geraas.

"Kloe-ke-loe-koe!" het Prins Kloek gekraai.

Mkhulu het ꞌn klomp gebreekte glas gevind. Hy het dit in sy kruiwa gesit om na die herwinningsdepot te neem om geld in ruil daarvoor te kry. Toe hulle by die herwinningsdepot kom, het hulle al die plastiekbottels, en al die ou koeldrankblikkies, en al die gebreekte glas, ingegee en geld daarvoor gekry. Hulle is toe daar weg met geld in Mkhulu se sakke.

"Trieng! Trieng!" het die fietsklokkie gelui.

"Flap! Flap!" het die sambrele gemaak.

"Kletter! Kletter!" het die hammer en die skroefsleutel geraas.

"Klingel! Klingel!" het die geld in sy sak geklink.

"Kloe-ke-loe-koe!" het Prins Kloek gekraai.

## WOORDESKAT

**herwinningsdepot** – 'n plek waar afvalmateriaal uitgesorteer word om weer gebruik te word in plaas daarvan om dit net weg te gooi

**vullishoop** – plek waarheen 'n dorp se vullis geneem en dikwels onder die grond begrawe word

**verroes** – die rooi-bruin stof wat op metaal vorm as dit nat word

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Mkhulu se kruiwa*

OG
bl. 31
15 min



**Voor lees**
- Wat is 'n herwinningsdepot? Wat is 'n vullishoop? Waar in ons gemeenskap is dit?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS Reis met my skoene

bl. 34
15 min




**Bestaande kennis**
- Waar kom julle skoolskoene vandaan?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die prente en lees die teks.
- Skoene word gereeld van oorsese lande af ingevoer.
- Hulle word met verskillende soorte vervoermiddels vervoer.

**Bespreek**

**Skryf** 'n sin oor wat met die skoene gebeur in een van die prente.

## KLANKE Die pl-klank

bl. 35
15 min

MG
bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Mkhulu se kruiwa*

bl. 28–33
15 min




**Prentloop** Wat gebeur in elke prent?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 28, wys na die woord wat vir ons sê waarom Mkhulu herwinbare goed bymekaar gemaak het.
- Op bladsy 29, wys na die woorde wat vir ons sê wat amper gebeur het toe Sipho en Amos verby hulle gery het.
- Dink julle hulle het te vinnig gery?
- Op bladsy 30, wys na die woord wat vir ons sê wat Mkhulu by die vullishoop gevind het.
- Hoe het die sambrele gehelp?



## HANDSKRIF

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 30).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

**Bou 'n snaakse voertuig**

30 min



**Bespreek**
- Die leerders praat oor Mkhulu se snaakse kruiwa.
- Sê vir hulle dat hulle in groepe 'n snaakse voertuig gaan maak.
- Die voertuig moet kan beweeg omdat hulle 'n resies gaan hou.

**Beplan**
- Die groepe beplan en teken die voertuig wat hulle gaan maak.
- Hulle besluit wat hulle gaan byvoeg om dit interessant te maak.
- Hulle beplan hoe om dit kleurvol te maak.
- Hulle maak 'n lys van materiale.
- Hoe gaan julle die voertuig laat beweeg? (*bv., stoot of trek*)



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## DINSDAG

### WELSYN Oplettende ek

**15 min**



- Die leerders sit gemaklik met hul oë gesluit.
- Hulle asem stadig in en uit.
- Vra die leerders om verskillende dele van hul liggame te ontspan, bv. hul tone, hul vingers, ens.
- Die leerders maak hul oë oop en deel met 'n maat hoe dit hulle laat voel het.

### AANVANGSKENNIS Vervoer en die omgewing

**bl. 36**
**15 min**


DATUM

Vervoer en die omgewing

Motors, taxi's en vragmotors wat petrol en diesel gebruik, veroorsaak lugbesoedeling.

1 lorrie – bakkie – stap

2 taxi – groot vragmotor – taxi

3 stap – tuin – stap

Storie ______ is die beste vir die omgewing, omdat

36 • WEEK 3 • DINSDAG

**Sluit aan by gister se les**
- Praat oor verskillende tipes vervoer.
- Herinner leerders dat party soorte vervoer beter vir die omgewing is as ander.
- Dinkskrum watter soorte vervoer die leerders dink nie goed vir die omgewing is nie.

**Lees**
- Lees die drie strokiesprentverhale vir en saam met die leerders.

**Doen die aktiwiteit**
- Die leerders besluit watter storie die beste vir die omgewing is.
- Hulle voltooi die sin.

**Pare**
- Die leerders kontroleer mekaar se antwoorde.

### KLANKE Kies die regte woord

**bl. 37**
**15 min**
**MG bl. 8–13**


DATUM

Kies die regte woord.

ploeg, plak, pluk, plaas, plan, plaag

1 Mamma plak 'n pleister op my seerplek.

2 Ek kuier by Oupa op die ______.

3 Die boer ______ die land voordat hy saai.

4 Ek het 'n ______ gemaak.

5 Ek en my maat gaan vrugte ______.

6 Die muskiete word nou 'n ______.

WEEK 3 • DINSDAG • 37

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

### LEES Sinsbou

**bl. 119**
**15 min**
**MG bl. 19–21**


"Ons het 'n fietsklokkie vir hierdie

kruiwa nodig," het Mkhulu gesê.

Hy het toe een by

die vullishoop gekry.

WEEK 3 119

**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook op bladsy 119 uit.

**Lees saam**
- Hoe weet ons dat dit Mkhulu is wat praat? (" ")

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.
  - **Wie?** ons
  - **Het wat?** nodig
  - **Wat?** 'n fietsklokkie
  - **Vir?** vir hierdie kruiwa,
  - **Wie?** Mkhulu
  - **Wat gedoen?** gesê
  - **Wie?** hy
  - **Het wat gedoen?** een gevind
  - **Waar?** by die vullishoop

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sinne** in op bladsy 13 in die LAB.



## GEDEELDE SKRYF

### Vervoerraaisels

15 min

MG
bl. 38–41

**Inleiding**
- Hersien wat 'n raaisel is (*leidrade oor 'n voorwerp om mense te help raai wat dit is*).

**Wys die skryfraam**
- Stellings
- Vraag

**Dinkskrum**
- Kies een vorm van vervoer in die Lewensvaardigheidsheidsteks om 'n raaisel te skryf oor, byvoorbeeld, 'n vliegtuig.
- Dinkskrum woorde om die stellings te voltooi, bv. die lug, vlerke, vliegtuig-brandstof, mense en dinge.
- Herhaal die oefening met 'n ander vervoermiddel vir ekstra oefening.

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die raaisel op die bord te skryf.








## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE

### Bou 'n snaakse voertuig

30 min

**Beplan**
- Die leerders hersien hul beplanning in hul groepe, afhangende van die materiale wat hulle gevind het.

**Skep**
- Die leerders begin met die bou van hul voertuie in hul groepe. Hulle kan dit volgende week voltooi.

**Assesseer self**
- Voltooi die rubriek op bladsy 51 in die LAB.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vrae**
- Wat is jou gunsteling paar skoene? Waarom? Hoe voel jy as jy dit dra?

**Pare**
- Bespreek die vrae.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS — Om op 'n boot te woon

bl. 38
15 min
MG bl. 45

**Maak 'n KWL-kaart oor bote**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.




## KLANKE — Die pr-klank

bl. 39
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES — *Mkhulu se kruiwa*

bl. 28–30
15 min

**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Mkhulu se kruiwa* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.





## SKRYF Vervoerraaisels

15 min

MG bl. 38–41




**Hersien die raaiselformaat**
- Voltooi die stellings.
- Stel vrae aan die einde.

**Dinkskrum die woordeskat**
- Verskillende soorte padvervoer

**Skryf**
- Leerders gebruik die skryfraam om twee raaisels oor verskillende soorte vervoer te skryf.




## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen,en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE ’n Liedjie oor vervoer

30 min



**Warm op**
- Speel *Vries!* Verbeel julle julle is bewegende motors. Wanneer die fluitjie blaas, vries.

**Leer ’n nuwe liedjie**
- Kies ’n welbekende liedjie oor vervoer (bv. *Die wiele van die bus*).

**Werk in groepe**
- Die leerders oefen die liedjie met aksies.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## DONDERDAG

### LUISTER EN PRAAT Sing/Resiteer

15 min

Op die wyse van die Engelse liedjie ***Heads, shoulders, knees and toes***

| | |
|---|---|
| Boot, bakkie, kar en fiets, kar en fiets.<br>Boot, bakkie, kar en fiets, kar en fiets.<br>En vliegtuig en helikopter<br>Boot, bakkie, kar en fiets, kar en fiets. | Trein, skip, taxi en bus, taxi en bus<br>Trein, skip, taxi en bus, taxi en bus.<br>En motorfiets en groot vragmotor.<br>Trein, skip, taxi en bus, taxi en bus. |

### AANVANGSKENNIS Waarom reis hulle?

bl. 40

15 min




**Bestaande kennis**
- Waarheen het julle al met 'n motor of taxi gereis?

**Lees die bladsy**
- Wat wys die prent vir ons?
- Wat doen die mense?
- Waarheen dink julle is hulle op pad? Gee redes vir jul antwoorde.

**Doen die aktiwiteit**
- Lees die woorde.
- Verbind die woorde met die regte persoon in die prent. (*aanvaar verskillende antwoorde*)

### KLANKE Skryf jou eie sinne

15 min

MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

### LEES Woordeskat en taal

15 min



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 28–33).
- Plaas die woorde op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord in die eerste sin wys dat die kruiwa 'n spesiale een is wat aan Mkhulu behoort. (*hierdie*)
- Maak nog sinne deur *hierdie* te gebruik. Ek sit op *hierdie* stoel. Ek is in *hierdie* klas, ens.
- Watter woord in die tweede sin dui aan dat Mkhulu na die vullishoop gegaan het omdat hy 'n fietsklokkie nodig gehad het. (*toe*)
- Dink aan ander dinge wat aansluit by die woord *toe*. (Bv. Ek was honger toe eet ek my toebroodjie. Ek was moeg toe het ek gaan slaap.)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Wys hoe om die sin meer interessant te maak deur beskrywende woorde te gebruik (bv. Ek het vlerke – Ek het lang, driehoekige vlerke.)
- Help die leerders om byvoeglike naamwoorde en beskrywende frases by hulle stellings te voeg.

**Lees, sien na en verbeter**
- Die leerders lees 'n sin uit hul skryfwerk van gister aan 'n maat.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin.
- Kan jy jou sin meer interessant maak deur beskrywende woorde by te voeg?





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27





## UITVOERENDE KUNSTE Vinnig en stadig

30 min



**Warm op**
- Die leerders sit in 'n sirkel en maak geluide van verskillende vervoermiddels – motor, motorfiets, vliegtuig, ens.

**Beweeg**
- Praat oor die verskillende snelhede (spoed) – vinnig en stadig.
- Die leerders beweeg rond in die gegewe spasie en gee voor dat hulle 'n taxi bestuur.
- Gee instruksies – skakel aan, ry stadig om die draai, tel spoed op, stop, ry stadig teen die heuwel uit, ry stadig teen die heuwel af, parkeer, ens.

**Koel af**
- Sit in 'n sirkel en sing die liedjie wat vanoggend aangeleer is.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Om op ’n boot te woon

bl. 38
15 min
MG bl. 45




In sommige lande in Asië woon die mense op bote wat sampans genoem word. Die rede hiervoor is dat daar nie genoeg huise vir die mense is nie. Daarom bly sommige mense in hul eie klein bote op riviere in die stede. Hulle reis ook van een plek na die ander met hul bote.

Ons vind sampan-dorpies in lande soos China, Maleisië, Indonesië, Bangladesj, Mianmar, Sri Lanka en Viëtnam.

**Pare**

- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**

- Vra ’n paar leerders om hul inligting met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.



## AANVANGSKENNIS — Lewe op ’n boot

15 min



**Skryf en teken wat jy uitgevind het**

- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken ’n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE — Spoedlees woorde

bl. 41
15 min
MG bl. 16–17



DATUM

Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| byt | knyp | pop | hek | haar |
| klere | mes | die | kraak | moet |
| vies | wen | kwes | praat | kar |
| soen | nek | sug | kuif | hand |
| pret | maal | knoop | lou | groen |
| prent | voel | reg | draf | ster |
| neut | ken | boom | fiets | kies |
| gooi | klou | sat | kwaad | lief |
| plak | bos | rus | nuut | dun |
| kwyl | jy | graaf | plek | hier |

Hoogste telling: ________ woorde per minuut

WEEK 3 • VRYDAG • 41

**Pare lees die woorde**

- Die leerder lees vir 1 minuut vir ’n maat.
- Die onderwyser hou tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**

- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.



## SKRYF — My nuus

15 min




**Verskaf ’n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**

- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Aan die gang



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

alarm | petroljoggie | sitplekgordels | giggel | sprankel

**Sinstrook**

Hulle het al die plastiekbottels, koeldrankblikkies en gebreekte glas ingegee, en geld daarvoor gekry.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 52
2. **Handskrif 1**
3. **Handskrif 2** Uu Ff
4. **Handskrif 3** Die skaap skop en skuur om uit die skeur in die rots te kom.
   Naam ______________________
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 1, bladsy 107
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 96
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 15
8. **Woordeboek**
   alarm petroljoggie sitplekgordel giggel sprankel

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Mevrou Keketso die taxibestuurder



Mevrou Keketso het 'n baie belangrik werk – sy bestuur 'n taxi waarmee sy kinders in haar gemeenskap oplaai en skool toe neem. Sy staan vroeg op en teen 05:30 is sy reeds op die pad.

Eers stop sy by die vulstasie. "Goeiemôre, mevrou Keketso!" groet die **petroljoggies**. Een maak die ruit skoon terwyl die ander een die tenk vol brandstof maak.

Teen 06:00 stop sy by die spaza-winkel. Sy laai die hoërskoolkinders daar op. Die eerste twee meisies klim in en gaan sit agterin die taxi. "Goeiemôre, Mevrou," groet hulle. "Ons hoop Thami is nie vandag laat nie. Ons skryf vandag 'n wiskundetoets!"

Gelukkig kom Thami aangehardloop, met sy das in sy hand. Hy spring in die taxi en maak die deur toe. "Jammer, Mevrou! Jammer, maats! Ek het my sokkerstewels gesoek."

"Moenie vergeet om jul sitplekgordels vas te maak nie!" sê mevrou Keketso.

*Hoekom is dit belangrik om jou **sitplekgordel** te dra?*

Daarna stop mevrou Keketso by 'n groot huis. Drie klein dogtertjies kom uit. Hulle waai vir hul ouma en klim in die taxi. Hulle giggel toe hulle sien hoe Thami sy das aansit. "Goeiemôre, meisies," sê mevrou Keketso.

Toe laai sy drie klein kindertjies op wat na die preprimêre skool toe gaan, en nog twee wat laerskool toe gaan. "Maak seker julle is gereed vanmiddag wanneer dit tyd is om huis toe te gaan!" roep sy uit toe die kinders uit die taxi klim.

Mevrou Keketso stop naby die kerk langs al die ander taxi's. Sy maak 'n emmer by die kraan vol water en was die taxi totdat dit skitter in die son. Toe ry sy tot by die winkelsentrum om haar inkopies vir die week te doen. Die ander bestuurders sit en gesels en speel marabaraba. (*'n Afrika-bordspeletjie*)

Teen eenuur ry mevrou Keketso terug na die preprimêre skool. Die kleintjies is baie moeg en raak aan die slaap op pad huis toe. Die meisies van die primêre skool giggel nog steeds. By die hoërskool onthou Mevrou dat Thami nie saam ry nie, want hy speel sokker.

Toe sy by die huis kom, eet sy aandete en kyk televisie. "Môre moet ek die kerkdames oplaai nadat ek die kinders afgelaai het," herinner sy haarself. "Hulle het my gevra om hulle rond te ry, want hulle weet ek is 'n **veilige** bestuurder."

## WOORDESKAT

**petroljoggies** – die mense wat by die vulstasie werk

**sitplekgordel** – gordel rondom jou lyf om jou veilig op jou sitplek in 'n voertuig te hou

**veilig** – sal nie 'n ongeluk veroorsaak deur te vinnig te ry of kanse te waag nie

# MAANDAG



## HARDOPLEES

### *Mevrou Keketso, die taxibestuurder*

OG bl. 43

15 min



**Voor lees**

- Vra die leerders hoe hulle soggens by die skool kom.
- Vra hoeveel kinders per taxi kom. Laat hulle mekaar van hul taxibestuurders vertel.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**

- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**

- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS

### Hoeveel wiele?

bl. 43

15 min

**Bestaande kennis**

- Hoeveel wiele het Mkhulu se kruiwa gehad?
- Wat laat dit beweeg?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**

- Kyk na die foto's en lees die teks.

**Bespreek**

- Wat is die hoofdoel van elke voertuig? (*goedere vervoer, mense vervoer, ens.*)
- Watter voertuig het die minste wiele? Watter het die meeste?
- Voltooi die sin onderaan die bladsy.


DATUM

Hoeveel wiele?

Kruiwaens het net een wiel. Om dit te laat beweeg moet jy dit aan die handvatsels optel en stoot.

Die meeste fietse het twee wiele. 'n Fiets het nie 'n enjin nie. Jy moet die pedale trap om die fiets te laat beweeg.

'n Motorfiets het ook twee wiele, maar dit het 'n enjin sodat dit vinnig kan beweeg.

'n Toek-toek het drie wiele. Toek-toeks word gebruik om mense in besige stede mee te vervoer. Dit gebruik petrol.

Motors het vier wiele en 'n enjin. 'n Motor kan 'n hele gesin op dieselfde tyd vervoer.

**Die voertuig met die meeste wiele is 'n**

WEEK 4 • MAANDAG • 43



## KLANKE

### Die sk-klank

bl. 44

15 min

MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**

- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**

- Lees die woorde.

**Skryf**

- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**


DATUM

sk

skoen

skip skaap skeur

skeef skep skop

___oon ___ep ___uim

Die skaap skop en skuur om uit die skeur in die rots te kom.

44 • WEEK 4 • MAANDAG



## LEES

### *Mkhulu se kruiwa*

bl. 28–33

15 min

**Prentloop**

- Vir wie kan jy in elke prent sien?
- Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**

- Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begriplees**

- Op bladsy 31, wys na die woord wat vir ons vertel waarom Mkhulu en Prins Kloek water nodig gehad het.
- Op bladsy 32, wys na die woord wat die hamer en skroefsleutel beskryf.
- Op bladsy 33, wys na die woorde wat vir ons vertel wat hulle met die herwinbare goedere gedoen het.
- Wys na die woord wat vir ons vertel dat hulle vir die herwinbare goedere betaal is.
- Hoe, dink jy, het hulle gevoel toe hulle die geld ontvang het?



Mkhulu het 'n paar ou koeldrankblikkies in die kruiwa gesit. Dit was steeds baie warm. Hulle het dors geraak.

"Ons het water vir hierdie kruiwa nodig," het hy gesê. Toe het hy water by die spaza-winkel gekoop.

WEEK 3 • 31

## HANDSKRIF

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf ’n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 42).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.

## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.

## VISUELE KUNSTE

### Bou ’n lawwe voertuig (vervolg)

30 min



**Beplan**
- Hersien hul beplanning volgens hoe die bouery van hul lawwe voertuig vorder, bv. of hulle ’n nuwe item moet byvoeg om ’n deel wat nie werk nie, te vervang, ens.

**Maak**
- Die leerders voltooi en versier hul voertuie.
- Neem die voertuig vir ’n toetsrit.
- Maak verstellings, indien nodig.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel ’n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

# DINSDAG



## WELSYN — Oplettende ek

15 min

- Sê vir die leerders dat dit tyd is om te lag.
- Die leerders maak beurte om snaakse gesigte vir mekaar te trek om hul maat te laat lag.
- Vra een of twee leerders om hul snaakse gesigte vir die klas te wys.
- Gesels oor hoe lag ons kan help om te ontspan.





## AANVANGSKENNIS — Nog wiele

bl. 45
15 min

**Bestaande kennis**
- Oor watter soorte voertuie het julle gister gelees?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die foto's en lees die teks.

**Bespreek**
- Wat is die hoofdoel van elke voertuig? (*vervoer goedere, vervoer mense, ens.*)
- Watter voertuig het die minste aantal wiele? Watter het die meeste?
- Voltooi die sin onderaan die bladsy.



DATUM

Nog wiele

'n Taxi het vier wiele, maar is groter as 'n motor. In elke taxi word aangedui hoeveel mense dit mag vervoer.

'n Bakkie het vier wiele en word meestal gebruik om mense en goed te vervoer.

Busse kan baie mense op dieselfde tyd vervoer. Die meeste busse het twee wiele voor en vier wiele agter.

In die groot stede moet party busse baie meer mense vervoer. Dié busse is langer as die gewone busse en het ekstra wiele nodig.

Die voertuig met die meeste wiele is

WEEK 4 • DINSDAG • 45



## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

bl. 46
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



DATUM

Vul die ontbrekende klanke in.

1 sk aap
2 ____ins
3 ____op
4 ____oen
5 ____ip
6 ____eur
7 ____uim
8 ____aat

46 • WEEK 4 • DINSDAG



## LEES — Sinsbou

bl. 121
15 min
MG bl. 19–21

**Knip** die sinstrook op bladsy 121 uit.

**Lees saam**
- Dit is 'n lang sin. Watter woord sê vir ons dat daar twee idees is?

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.

- **Wie?** hulle
- **Doen wat?** het ingegee
- **Wat?** al die plastiekbottels
- **Wat?** ou koeldrankblikkies
- **Wat?** gebreekte glas
- **Voegwoord?** en
- **Wie?** hulle
- **Wat gedoen?** geld gekry

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sin** in op bladsy 66 in die LAB.



Hulle het al die plastiekbottels,

koeldrankblikkies en

gebreekte glas ingegee

en geld daarvoor gekry.

WEEK 4 121



## GEDEELDE SKRYF

## ’n Storie

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**

- Die leerders vertel die storie van *Mkhulu se kruiwa* in hul eie woorde oor.

**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum**

- Watter ander voertuig kon Mkhulu hê?
- Wat sou hy daarin kon vervoer?
- Wat kon hy daarby voeg? Waarom?
- Hoe eindig die storie?

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die storie op die bord te skryf.

**Mkhulu se kruiwa**

Mkhulu en Qhude Lude het in ’n ____________ gery.
Hulle het ____________ bymekaargemaak.
Dit was ____________ so hy het ’n ____________ gery.
Dit was ____________ so hy het ’n ____________ gery.
Dit was ____________ so hy het ’n ____________ gery.
Hulle is na die ____________.
Hulle was ____________, want ____________.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**

- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE

## Voltooi jou snaakse voertuig

30 min

**Voltooi**

- Die leerders voltooi hul voertuig.

**Wys**

- Die groepe jaag op ’n geskikte plek met hul voertuie resies teen mekaar.
- Hulle besluit watter voertuie die mees suksesvolle een was.

**Assesseer self**

- Voltooi die rubriek op bladsy 66 in die LAB.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

## Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vrae**
- Waarheen sou julle wil reis?
- Watter vervoer sal julle moet gebruik?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS Warm en koel kleure

bl. 47
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor kleure**
- Voltooi die *Wat ons ken*- en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE Die sl-klank

bl. 48
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Mkhulu se kruiwa*

bl. 31–33
15 min




**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Mkhulu se kruiwa* in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.



## SKRYF Ouma se ou fiets

15 min



**Bespreek**
- Lees weer die Gedeelde Skryf-storie van Dinsdag.
- Vra die leerders om 'n nuwe storie oor Ouma se ou fiets te skryf.
- Hulle gaan dieselfde struktuur van die Gedeelde Skryf-storie gebruik, maar hulle eie idees gebruik.

**Dinskrum die woordeskat**
- Dinkskrum idees en woorde oor wat Ouma dalk by haar fiets mag voeg.

**Skryf**
- Die leerders voltooi die storie. Hulle moet ten minste ses sinne skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Kommunikeer

30 min



**Bespreek**
- Hoe het die Snaakse Voertuig-resies afgeloop?
- Watter voertuie het gewerk? Wat het verkeerd gegaan?

**Groepe**
- Die leerders beskryf hul voertuie, hoe dit gelyk en gewerk het.
- Die res van die klas luister en lewer kommentaar.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Op die wyse van die Engelse liedjie *5 little buns in the baker's shop*

**By die motorwassery**

Vyf klein taxi's staan in die karwasry
Vol modder, aanpaksels en vullis
Een gaan in om gewas te word.
Skrop, skrop,
plas, plas,
vryf, vryf, vryf!
Daar kom dit uit
so blink soos 'n spieël!

Vier klein taxi's staan in die karwasry ...

## AANVANGSKENNIS — My eerste kompos-verslag

bl. 49
15 min


DATUM
My eerste kompos-verslag
Waarneming in Week
Wat ek gesien het
Ek het veranderinge in my kompos gesien.
ja
nee
Die boonste laag van die kompos is
Die kleur van die kompos is
Ek het
opgemerk.
WEEK 4 • DONDERDAG • 49

**Neem waar**
- Die leerders neem hul kompos-eksperiment waar en merk die nuwe vlak bo-aan die kompos.

**Bespreek**
- Bespreek as 'n klas enige veranderinge wat hulle waargeneem het. Gesels oor waarom die kompos afgesak het (*die skille en papier het ontbind*), die kleur, die reuk, ens.

**Doen die aktiwiteit**
- Die leerders teken hul bottel met kompos en voltooi die sinne in hul boeke.

## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

bl. 50
15 min

MG
bl. 8–13


DATUM
Skryf die woorde korrek neer.
1 ipsk skip
2 slka
3 otsl
4 uitsl
5 naasl
6 epsk
7 ymsl
8 oeskn
50 • WEEK 4 • DONDERDAG

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 28–33).
- Plaas die woorde op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Vind die voegwoord. (*en*)
- Wat kon julle in plaas van en tussen plastiekbottels en ou koeldrankblikkies geskryf het? (*'n komma*)
- Hoe kan ons twee sinne maak in plaas van een lang sin? (*Hulle het al die goed wat hulle bymekaargemaak het, ingegee. Hulle het geld daarvoor gekry.*)
- *En* is 'n voegwoord. Watter ander voegwoorde ken julle? (*maar, want, omdat, ens.*)





## SKRYF Leesbegrip

bl. 51
15 min


DATUM

Leesbegrip

Lees die storie oor Mkhulu se kruiwa.

1 Prins Kloek was
○ 'n hen. ○ 'n haan.

2 Mkhulu het bottels en blikkies opgetel om
○ die pad skoon te maak. ○ dit huis toe te neem.
○ geld in ruil daarvoor te kry.

3 Merk al die goed wat Mkhulu bymekaargemaak het.
○ glasbottels ○ koeldrankblikkies
○ plastieksakkies ○ fietsklokkie
○ sambrele ○ plastiekbottels

4 Dui die regte volgorde aan waarin Mkhulu die goed bymekaargemaak het.

| klokkie | gereedskap | sambrele | water | blikke |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |

5 Wat het Mkhulu gekry wat hy nie in sy kruiwa gesit het nie?

WEEK 4 • DONDERDAG • 51

**Hersien**
- Lees weer die storie *Mkhulu se kruiwa.*

**Antwoord die vrae**
- Die leerders moet dit nie uit hul geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Kontroleer die antwoord saam**





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Ritmes

30 min



**Bestaande kennis**
- Gesels oor sommige van die voertuie waarvan hulle tot dusver geleer het.

**Klap**
- Sê die name van die voertuie en klap die ritme.
- Voorbeeld: ta/xi; kar; bak/kie/per/de/wa.

**Improviseer**
- Maak prettige ritmiese "poliritmes" deur woorde met verskillende hoeveelheid lettergrepe te gebruik.

(Voorbeeld: een leerder klap ta-xi en 'n ander leerder klap vrag-mo-tor. albei in dieselfde tyd.)

**Groepe**
- Die leerders maak poliritmes op en die res van die klas moet raai wat hulle geklap het.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Warm en koel kleure

bl. 47 | 15 min | MG bl. 45




Kleure soos rooi, oranje en geel is warm kleure. Hulle laat jou gelukkig en opgewonde voel. Die huise, mense en die strate is meestal in warm kleure.

Kleure soos groen en blou, is koel kleure. Alhoewel daar koel kleure in die prent is, is die meeste kleure warm kleure. Die prent laat jou gelukkig voel.

**Pare**

- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**

- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.



## AANVANGSKENNIS — Warm en koel kleure

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**

- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.





## KLANKE — Diktee

15 min | MG bl. 10

**Lees die woorde vir diktee**

- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**

- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer**

- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.

skaam

skeur

prins

slaai

slak



## SKRYF — My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.






## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27




**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Treine



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

trein | oë | tande | dokter | tandarts

**Sinstrook**

Kegetso se suster wou ook na die Phelophepa-trein gaan. Sy moes vir haar inenting teen griep gaan.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 68
2. **Handskrif 1** 
3. **Handskrif 2** Cc Dd
4. **Handskrif 3** Die snaakse smous verkoop snoek waaraan die mense smul.
   Naam ____________________
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 50
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 51
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 13
8. **Woordeboek**
   trein oë tande dokter tandarts

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Verf
- Papier om op te teken
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Dora se ouma en die Phelophepa-trein



Dora se ouma was by 'n skoolvergadering. Die onderwysers het pamflette uitgedeel wat hulle moes lees. "O, nee!" het Ouma gesê, en die pamflet ver voor haar gehou. "Ek kan dit nie lees nie. Dit is te klein gedruk!"

"Die druk is nie baie klein nie," het die onderwyser gesê. "Ek wonder of Ouma se oë nie **getoets** moet word nie. Gelukkig kom die oogdokters volgende week op die Phelophepa-trein hiernatoe. Hulle sal kan help. Die Phelophepa-trein ry oral in SA met 'n span mediese mense. Dit neem gesondheidsorg aan mense in afgeleë gebiede."

"Ek het al van die Phelophepa-trein gehoor," het Ouma gesê, "hulle doen wonderlike goed vir die mense.

"Ek wil ook gaan," het Kegetso se suster gesê, "ek moet my **inenting** teen griep kry."

"My tand pyn," het Petros gesê. "Sal die Phelophepa-trein my ook kan help?"

"Julle sal almal by die trein hulp kry," het die onderwyser gesê.

"Oor die radio noem hulle hierdie trein die trein van hoop," het Ouma gesê. "Dit het 'n prys gewen omdat dit so 'n goeie manier is om hulp aan mense in Suid-Afrika te bring."

Die trein was drie dae laat. Daar was baie mense wat op die trein gewag het toe dit uiteindelik opgedaag het. "Hallo, almal!" het een van die dokters gesê. "Welkom! Ons is hier om julle te help. Ons is laat omdat van die kabels op die spoorlyne gesteel was, en die trein nie verder kon ry nie."

"Die mense wat die kabels steel, het nie aan my gedink nie," het Petros gesê. "Ek kan nie slaap nie, want my tand pyn verskriklik."

Gou was Petros voor in die ry om die tandarts te sien. Kegetso se suster was volgende.

"Nou is dit jou beurt, Ouma," het die verpleegster gesê. "Kom ons kyk wat ons vir Ouma se oë kan doen." Ouma het in die trein ingegaan om die oogkundige te sien.

Op pad huis toe kon hulle nie ophou praat van die Phelophepa-trein nie. "Met hierdie nuwe bril sal ek sommer alles kan lees!" het Ouma gesê. "En dit het byna niks gekos nie!"

Petros het vir almal vertel hoe die tandarts sy tand geboor en reggemaak het. "En dit was nie eens seer nie!" het hy gesê. Hy het almal langs die pad voorgekeer en vir hulle die **stopsel** wat die tandarts in sy tand gesit het, gewys.

## WOORDESKAT

**getoets** – deur 'n dokter ondersoek word om uit te vind wat iemand makeer

**inenting** – 'n inspuiting om aansteeklike siektes te voorkom; word kortliks ook soms 'n inspuiting genoem

**stopsel** – 'n spesiale harde stof wat gebruik word om 'n gat in 'n mens se tand te vul sodat dit nie sleg raak nie

# MAANDAG

## HARDOPLEES — *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*

OG bl. 55
15 min



**Voor lees**
- Vra die leerders of hulle al 'n trein gesien het? Vra hulle om dit te beskryf.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS — Geskiedenis van Suid-Afrikaanse treine

bl. 60
15 min


DATUM

Geskiedenis van Suid-Afrikaanse treine

**Die eerste stoomtrein het in 1859 vanaf Kaapstad na Wellington in die Wes-Kaap gereis. Dit het een volle dag geneem.** Stoomtreine verbrand steenkool om die water te verhit. Die warm water maak stoom wat die wiele van die trein aandryf.

**Die eerste elektriese trein het in die 1920's vanaf Pietermaritzburg na Glencoe in KwaZulu-Natal gereis. Dit het teen 13 kilometer per uur beweeg.** Elektriese treine het 'n metaalraam aan die bokant wat aan elektriese drade verbind is. Die elektrisiteit van die drade dryf die wiele van die trein aan.

**Die eerste dieseltrein is in die 1940's gebruik.** Dieseltreine is baie sterk treine. Hulle werk selfs gedurende kragonderbrekings. Baie passassierstreine gebruik diesel om hul wiele aan te dryf.

**Die Gautrein is 'n baie vinnige passassierstrein. Dit is in 2010 in Gauteng geopen. Dit kan tot 160 kilometer per uur beweeg.** Die Gautrein reis van Johannesburg na Pretoria. Dit neem net 35 minute. Dit gebruik elektrisiteit.

60 • WEEK 5 • MAANDAG

**Bestaande kennis**
- Watter tipes treine het jy al gesien?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die foto's en lees die teks.

**Bespreek**
- Treine is al vir 'n lang tyd in Suid-Afrika.
- Oor die jare heen het treine verander. Hoe het die eerste treine gelyk? Hoe lyk treine vandag?

## KLANKE — Die sm-klank

bl. 61
15 min

MG
bl. 8–13


DATUM

sm

smeek

smeer smelt smal

smul smous smaak

___ul ___aap ___ak

Meneer Smit, die smid, smelt die goud voordat hy dit smous.

WEEK 5 • MAANDAG • 61

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*

bl. 54–59
15 min


Dora se ouma en die Phelophepa-trein

Dora se ouma het gesê: "Ek kan nie die pamflet lees nie. Die letters is te klein."

"Miskien moet Ouma haar oë laat toets," het die onderwyser gesê. "Wanneer die Phelophepa-trein kom, kan Ouma daar hulp kry."

54 • WEEK 5

**Prentloop**
- Vir wie kan julle in die prente sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 54, wys na die woorde wat vir ons sê dat Dora se ouma nie mooi kon sien nie.
- Op bladsy 55, wys na die woorde wat vir ons sê dat Kegetso se suster haarself wou beskerm teen teen griep.
- Gee 'n ander woord vir "inenting". (*inspuiting/vaksine*)
- Op bladsy 56, wys na die woord wat vir ons sê hoeveel mense vir die trein gewag het.
- Weet ons presies hoeveel mense daar was? Hoeveel dink julle is "baie"?



## HANDSKRIF

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 54).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Teken 'n trein

30 min



**Bespreek**
- Die leerders kyk na die prente van die Phelophepa-trein in hulle boeke.
- Wys na die verskillende vorms van die trein en die treinspore – reghoeke, sirkels, vierkante, lyne.

**Teken**
- Die leerders gebruik 'n sagte potlood of houtskool om die buitelyne van die trein te teken.
- Gebruik die hele bladsy om jou prent te teken. Fokus op die vorms.
- Laat die leerders begin om die buitelyne in te kleur en nog detail by te voeg.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

# DINSDAG



## WELSYN — Oplettende ek

15 min

- Die leerders sluit hulle oë en dink aan 'n tyd toe hulle pyn ervaar het (tandpyn, hoofpyn, ens.).
- Hulle haal stadig en egalig asem en maak asof hulle die pyn wegblaas.
- Gesels oor hoe hulle, deur hul asemhaling dop te hou, beter kan voel.





## AANVANGSKENNIS — Geskiedenis van treine

bl. 62
15 min

**Bestaande kennis**

- Vra wanneer die verskillende soorte treine die eerste keer in Suid-Afrika gebruik is. Kyk na bladsy 60 in die LAB, indien nodig.

**Doen die aktiwiteit**

- Die leerders kyk na die datums op die tydlyn en vul die korrekte trein by elke datum in.
- Die leerders skryf ten minste een sin oor die trein waarin hulle graag sou wou reis, en gee redes.

**Pare**

- Die leerders kontroleer mekaar se tydlyne.






## KLANKE — Kies die regte woord

bl. 63
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES — Sinsbou

bl. 123
15 min
MG bl. 19–21

**Knip uit** Die leerders knip die sinstrook op bladsy 123 uit.

**Lees saam**

- Watter twee woorde sê hoe Kegetso se suster gevoel het?
- Kan julle twee sinne in een sin oorskryf?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.

- **Wie?** Kegetso se suster
- **Het wat gedoen?** wou gaan
- **Waar?** die Phelophepa-trein
- **Wie?** sy
- **Het wat gedoen?** wou kry
- **Wat?** 'n inenting
- **Waarvoor?** vir griep

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sinne** in op bladsy 89 in die LAB.





## GEDEELDE SKRYF

### 'n Word-gesond-kaartjie

15 min

MG bl. 38-41




**Inleiding**
- Hoe kan ons aan iemand wys dat ons jammer voel dat hulle siek is? (*besoek*, *skakel*, *teksboodskap*, *word-gesond-kaartjie*)
- Kies iemand uit die storie oor die Phelophepa-trein om aan te skryf.
- Wat sal ons op elke lyn skryf?

**Wys die skryfraam**
- Groet en slot
- Twee paragrawe: simpatiseer en bemoedig dan.

**Dinkskrum**
- Kies iemand uit die storie oor die Phelophepa-trein om aan te skryf.
- Wat sal ons op elke lyn skryf?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die kaartjie op die bord te skryf.
- Maak seker dat daar twee kort sinne is wat met 'n voegwoord saamgevoeg kan word. Byvoorbeeld: en, maar of want. Leerders het dit nodig om die skryfaktiwiteit op Donderdag te voltooi.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Teken 'n trein

30 min



**Beplan**
- Die leerders beplan hoe hulle mense by hulle treinprent gaan voeg.

**Skep**
- Die leerders teken mense in die trein of op die perron en kleur die hele prent in.

**Wys**

**Assesseer self**
- Voltooi die rubriek op bladsy 89 in die LAB.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# WOENSDAG



## WELSYN
### Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vraag**
- Wat kan ons vir iemand sê om te wys dat ons omgee wanneer hulle siek is?

**Pare**
Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).





## AANVANGSKENNIS
### Die man wat sonneblomme geskilder het

bl. 64
15 min

**Bestaande kennis**
- Wat is warm en koel kleure?

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Het julle enige ander vrae oor hierdie bekende kunstenaar?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.






## KLANKE
### Die sn-klank

bl. 65
15 min
MG
bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**






## LEES
### *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*

bl. 54–56
15 min

**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF

### 'n Word-gou-gesond-kaartjie

15 min

MG bl. 38-41

**Hersien die kaartjie-formaat**

- Groet en slot
- Inhoud van die boodskap

**Dinkskrum**

- Praat oor die name van mense aan wie hulle kan skryf, waarom hulle 'n word-gesond-kaartjie nodig het, en planne vir wanneer hulle gesond is.

**Skryf**

- Die leerders maak hul eie kaartjies: skryf 'n word-gou-gesond-boodskap en teken iets daarby.








## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE

### Improviseer 'n treinrit

30 min

**Warm op**

- Gee voor dat julle treine is – gebruik arms om die bewegings van 'n suier te maak.
- Begin stadig en beweeg al hoe vinniger.

**Bespreek**

- Gee voor julle gaan op 'n treinrit. Volg hierdie stappe: koop 'n kaartjie, sit op 'n bank op die perron, wag vir die trein. Dink aan veiligheid, waar om te staan, ens.

**Improviseer**

- Die leerders voer in groepe die proses wat hulle bespreek het, op.
- Dialoog met verskillende persone.

**Deel**

- Ruil improvisasie-idees met 'n ander groep uit.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

**15 min**

**Die treinrit**

Pak jou tasse!
Pak jou sak!
Koop jou kaartjie en stap
aan boord.
Kry 'n sitplek, en raak rustig.
En weg is ons!

Tjoeke-tjoek!
Stadig, stadig.
Tjoeke-tjoek!
Vinnig, vinniger.
Tjoeke-tjoek!
Haastig voort.

In die tonnel –
Oe! Oe!
Dis so donker!
A-ha! A-ha!
Terug in die son en daar
gaan ons!

## AANVANGSKENNIS — Hoe om kleure te meng

**bl. 66**
**15 min**




**Bestaande kennis**
- Die meeste kleure is ander kleure verf wat gemeng is. Maar rooi, geel en blou (primêre kleure) kan nie gemaak word deur kleure te meng nie.
- Sekondêre kleure is pers, groen en oranje.

**Lees die bladsy**
- Wat wys die diagram?

**Doen die aktiwiteit**
- Gebruik kryte of verf, en eksperimenteer deur primêre kleure te meng om sekondêre kleure te kry.
- Die leerders kontroleer hul mengsels teenoor die kleurkaart.
- Die leerders beantwoord die vrae.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

**15 min**
**MG bl. 8–13**




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

**15 min**



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 54–59).
- Plaas die woorde op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord kan ons gebruik om die twee kort sinne saam te voeg om een lang sin te vorm? (*want*)
- Watter ander voegwoorde ken julle? (*en*, *maar*, ens.)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees twee sinne van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Wys hoe ons twee korter sinne kan saamvoeg om een lang sin te maak deur voegwoorde te gebruik.
- Soek vir lang sinne met voegwoorde. Probeer om dit in twee sinne op te breek.

**Pare: lees, sien na en verbeter**
- Die leerders lees 'n sin uit hul skryfwerk van gister aan 'n maat.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin.
- Verbind die twee sinne om julle skryfwerk meer interessant te maak.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing

30 min



**Bespreek**
- Vra die leerders of hulle 'n liedjie oor 'n trein ken, bv. *Shosholoza/ Hoe ry die trein*?

**Sing**
- Die leerders sing die liedjie wat hulle geidentifiseer het as 'n klas saam.

**Groepe**
- Elke groep sing die liedjie en voeg aksies by.
- Deel aksies met klas.

**Evalueer**
- Prys en gee applous vir elke groep.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT 'n Beroemde kunstenaar

bl. 64
15 min

Vincent van Gogh was 'n Hollandse skilder wat vanaf 1853 tot 1890 in Holland geleef het. Hy het op 'n baie jong ouderdom gesterf.

Hy het baie skilderye oor die natuur geskilder. *Sonneblomme* is een van sy mees beroemde skilderye.

Daar is veertien sonneblomme in die skildery en elkeen verskil effens van mekaar. Hy het die geel blomme gekies omdat geel 'n warm kleur is.

**Pare**
- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul inligting met die klas te deel. Skryf dit op die WWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.


DATUM
'n Beroemde kunstenaar

Vincent van Gogh was 'n beroemde skilder. Hy het hierdie sonneblomme in 1888 geverf. Elke blom lyk 'n bietjie anders. Hoeveel sonneblomme is daar? Tel hulle versigtig.

In watter land is Vincent van Gogh gebore?

64 · WEEK 5 · WOENSDAG

## AANVANGSKENNIS 'n Beroemde kunstenaar

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 67
15 min
MG bl. 16–17

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Die onderwyser hou tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.


DATUM
Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gom | kras | hou | eet | ek |
| maag | skip | skaap | rol | eie |
| kas | mou | hut | van | lig |
| tot | hout | gly | raak | skoen |
| weet | slot | snor | laag | wys |
| lees | drink | krul | man | loop |
| snik | vlek | water | skaam | omdat |
| wiel | stad | wild | slim | breek |
| slak | teken | hang | kraal | self |
| vier | kras | smous | neem | groei |

Hoogste telling: ________ woorde per minuut

WEEK 5 · VRYDAG · 67

## SKRYF My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.







## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27





## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

15 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

30 min

MG
bl. 51–52

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Boomplantweek

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

knorrig | vrolik | ingenome | veilig | hulp

**Sinstrook**

Ouma het ’n nuwe bril gekry. “Nou kan ek al die pamflette lees,” het sy gesê.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 78
2. **Handskrif 1** 
3. **Handskrif 2** Aa Ee
4. **Handskrif 3** Hy stoot die man wat steel dat die stof so staan.
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 1, bladsy 119
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 8
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 21
8. **Woordeboek**
   knorrig vrolik ingenome veilig hulp

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Papier, verf en kwaste vir Visuele Kunste Assessering
- ’n Vaas met regte blomme om waar te neem
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Die knorrige boom



Lank, lank gelede in Indië, was daar 'n groot baniaanboom in die woud. Dit was groter as al die ander bome in die woud, en het blinker blare gehad wat baie skaduwee gegee het.

Maar dit was nie 'n gelukkige boom nie. Eintlik was die boom baie **knorrig** en het gedurig **gekerm**. As die son geskyn het, het dit gekerm dat dit te warm is. As daar wolke in die lug was, het dit gekerm dat die son wegkruip. As dit gereën het, het dit gekerm dat dit nat word. As dit nie gereën het nie, het dit gekerm dat dit die reën nodig het om te groei.

Die meeste diere het weggebly van die knorrige boom af. Net drie vriende het naby die boom gekom.

Die parkiet het daarvan gehou om op die takke te sit en haar **vrolike** liedjie te sing.

Die tier het daarvan gehou om in die skadu van die groot takke te slaap.

Die olifant het daarvan gehou om sy grys vel teen die growwe bas te skuur en teen die boomstam te leun.

Maar die knorrige boom het nie van die drie diere se geselskap gehou nie.

"Hou op met daardie aaklike geraas!" het hy vir die parkiet geskree. "Dit gee my hoofpyn! Gaan weg! Gaan weg!"

"Jy snork te hard," het hy vir die tier geskree. "Ek kan die geraas nie verdra nie! Gaan weg! Gaan weg!"

"Jy gaan my bas glad maak," het hy vir die olifant geskree. "Ek wil jou nie hier hê nie! Gaan weg! Gaan weg!"

Vir 'n paar dae was die knorrige boom alleen in die woud. Hy was baie bly hy was op sy eie.

Toe was daar 'n bosbrand, en toe die vlamme nader en nader aan die knorrige boom gekom het, het hy baie bang geword. "Parkiet! Tier! Olifant!" het hy geskree. "Help my! Die vuur gaan my verband!"

Die parkiet het rondom die boom gevlieg, en die klimplante wat laag gehang het, beweeg sodat hulle nie naby die vuur gekom het nie. Die tier het 'n sloot rondom die boom gegrawe sodat die vlamme nie naby die stam van die knorrige boom moes kom nie. En die olifant het met haar lang slurp water oor die vuur gesproei.

Toe die knorrige boom uiteindelik veilig was, het hy na sy drie vriende gekyk. "Baie dankie dat julle my lewe gered het!" het hy gesê. "Ek sal nooit weer knorrig teenoor julle wees nie!"

*Parkiete is raserige, kleurvolle voëls met krom snawels. Hulle kom in swerms voor.*

## WOORDESKAT

**knorrig** – ontevrede, humeurig

**gekerm** – om te kla

**vrolik** – gelukkig

## MAANDAG

### HARDOPLEES *Die knorrige boom*

OG bl. 67
15 min



**Voor lees**
- Hierdie storie kom van Indië. Kom ons soek Indië op die wêreldkaart

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

### AANVANGSKENNIS *Waarom moet ons bome plant?*

bl. 69
15 min


DATUM
Waarom moet ons bome plant?
Bome is belangrik vir mense, maar ook vir alle ander lewende wesens.
**Eerstens** gee bome vir ons suurstof en help om die lug wat ons inasem, skoon te hou.
**Tweedens** verskaf bome skuiling en voedsel aan diere, voëls en insekte. Bome beskerm en hou hulle aan die lewe.
**Derdens** verskaf bome hout, voedsel, medisyne, houtpulp en ook baie ander produkte aan ons.
**Laastens** hou die wortels van bome die grond vas en voorkom gronderosie.
Wanneer ons bome afkap en nie ander plant nie, kan gronderosie plaasvind. Dit is 'n groot probleem vir boere.
Ons vier die belangrikheid van bome gedurende Boomplantweek (die eerste week in September).
WEEK 6 • MAANDAG • 69

**Bestaande kennis**
- Het julle al ooit 'n boom by die huis of skool geplant/ Boomplantweek gevier?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die prent en lees die teks.

**Bespreek**
- Wys na volgorde woorde – eerste, tweede, derde, laastens of laaste. Wat sê dit vir ons?
- Noem die vier redes waarom ons bome plant.
- Wat wil die skrywer hê moet ons doen?

### KLANKE *Die sp-klank*

bl. 70
15 min
MG bl. 8–13


DATUM
sp
spek
spons spaar spoor
spoed spaan speek
kwaak
____eure ____aak ____aan
Die span laat spat die rekords, want hulle speel die spel met spoed.
70 • WEEK 6 • MAANDAG

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

### LEES *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*

bl. 54–59
15 min


Petros het in die trein geklim. Die tandarts het sy tand gesond gemaak.

Kegetso se suster het in die trein geklim. Sy het haar inenting teen griep gekry.

Ouma het in die trein geklim. Die oogdokter het haar oë getoets. Sy het 'n nuwe bril gekry.

WEEK 5 • 57

**Prentloop**
- Vir wie kan jy in die prent sien? Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys na die woorde met hulle vingers.

**Leesbegrip**
- Op bladsy 54, wys na twee dinge wat met Ouma gebeur het.
- Op bladsy 55, wys na twee woorde wat vir ons sê hoe Kegetso se suster gevoel het.
- Op bladsy 56, wys na die woorde wat vir ons sê hoe Petros gevoel het.



## HANDSKRIF ASSESSERING 1

**Skryf sinne oor**

15 min




**Skryf die sinne op die bord**

**Onafhanklik**

- Leerders kopieer die sinne in hul oefenboeke.
- Herinner hulle om:
  - hoofletters en punte te gebruik
  - korrekte spasiëring tussen letters en woorde te gebruik
  - die woorde op die lyne te skryf
  - gebruik 'n liniaal om 'n lyn te trek.

**Sien na:**
Sien bladsy 120
**Punte:** 5





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNS ASSESSERING 1

**Skilder blomme**

30 min



**Neem waar**

- Kyk na die skildery *Sonneblomme* van Van Gogh in Week 5 se Vind uit-teks (LAB bladsy 64).
- Die leerders bespreek die kleure en vorm van die blompot en blomme.
- Indien moontlik, laat leerders 'n werklike vaas met blomme waarneem en die kleure en vorms bespreek.

**Berei voor**

- Die leerders gebruik 'n groot verfkwas en dun blou verf.
- Die leerders verf met lang hale regoor die bladsy. Die idee is om 'n baie ligte blou kleurwas/agtergrond te verkry. Die verf moet nie oordonderend wees nie.
- Los die bladsy om droog te raak vir die volgende dag.

**Sien na:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG
bl. 51–52



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**

- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 — *Die Phelophepa-trein*

15 min

**Teken en skryf**

- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om die **eerste deel** van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* te teken, en 'n sin daarby te skryf.

**Luister en Praat**

- Laat leerders in groepies van vier tot vyf na jou tafel kom om oor die storie van *Dora se ouma en Phelophepa-trein* te praat.
- Luister na een derde van die klas gedurende hierdie periode. Voltooi op Woensdag en Donderdag van Week 6.
- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoër-ordevrae.

***Voorbeelde:***

- Vertel die storie van Dora se ouma en die Phelophepa-trein in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wat het elkeen van die karakters nodig?
- Waarom reis die trein deur Suid-Afrika?
- Waarom word die trein "Die trein van hoop" genoem?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5

## AANVANGSKENNIS — 'n Kalender met spesiale dae

bl. 71
15 min




**Lees**

- Kyk saam na die kalender.
- Verduidelik dat hierdie kalender verskillende dae van Septembermaand wys.
- Lees die name van die spesiale dae wat afgemerk is, sowel as die teks in die boksies.
- Bespreek die spesiale dae en hoe dit gevier kan word.

**Antwoord**

- Verbind die teks met die korrekte blokkie op die kalender.

**Kontroleer**

- Die leerders kontroleer hul antwoorde met hul maat s'n.

## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

bl. 72
15 min
MG bl. 8–13




**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Sinsbou

bl. 125
15 min
MG bl. 19–21




**Knip** die sinstrook op bladsy 125 uit.

**Lees saam**

- Wat beteken die aanhalingstekens (" ")?
- Lees die sinne met uitdrukking.

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.
  - **Wie?** Ouma
  - **Wat?** 'n nuwe bril
  - **Wat gedoen?** het gekry
  - **Wanneer?** nou
  - **Wie?** ek
  - **Wat?** al die pamflette
  - **Wat doen?** kan lees
  - **Wie?** sy
  - **Wat gedoen?** het gesê

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sin** in op bladsy 104 in die LAB.



## GEDEELDE SKRYF

**Die hospitaaltrein**

**Inleiding**
- Die leerders vertel die storie van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* in hulle eie woorde oor.

**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum**
- Oor wie sal ons storie gaan?
- Wat is die probleem waarvoor hulle hulp nodig het?
- Wat het die dokter gedoen? Noem ten minste drie goed wat die dokter gedoen het.
- Hoe het die karakters gevoel nadat hulle deur die dokter behandel is?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die storie op die bord te skryf.

15 min

MG bl. 38–41








## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 (VERVOLG)

### Skilder blomme

**Skep**
- Draai die bladsy na portretoriëntasie. Herinner die leerders om die hele bladsy te gebruik.
- Verf 'n blompot op die onderste derde van die bladsy.
- Verf blomme op die boonste twee derdes van die bladsy.
- Die blomstele moet aan die rand van die blompot raak.
- Die blomme moet die gepaste grootte wees en skaduwees toon.
- Die leerders onderteken hul kunswerke.

**Wys** Stal die kunswerke in die klaskamer uit.

30 min



**Sien na:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

30 min

MG bl. 51–52



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 — *Die Phelophepa-trein*

15 min

**Teken en skryf**
- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om die **tweede deel** van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* te teken, en 'n sin daarby te skryf.

**Luister en Praat**
- Laat leerders in groepies van vier tot vyf na jou tafel kom om oor die storie van *Dora se ouma en Phelophepa-trein* te praat.
- Luister na een derde van die klas gedurende hierdie periode. Voltooi op Woensdag en Donderdag van Week 6.
- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoër-ordevrae.

***Voorbeelde:***
- Vertel die storie van Dora se ouma en die Phelophepa-trein in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wat het elkeen van die karakters nodig?
- Waarom reis die trein deur Suid-Afrika?
- Waarom word die trein "Die trein van hoop" genoem?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5



## AANVANGSKENNIS — Een miljoen bome

bl. 73
15 min
MG bl. 45

**Maak 'n KWL-kaart oor waarom bome belangrik is**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.






## KLANKE — Die st-klank

bl. 74
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**






## LEES — *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*

bl. 57–59
15 min

**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* in die LAB saam met en vir die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF ASSESSERING 1

### Word gou gesond

15 min

**Hersien**
- Lees weer die Gedeelde Skryf-teks van Dinsdag.
- Leerders skryf hul eie storie oor iemand wat die dokter besoek en gesond geword het.

**Skryf**
- Verduidelik aan die leerders dat dit vir assessering is.
- Herinner die leerders om in die verlede tyd te skryf.
- Herinner hulle om twee paragrawe te skryf.

**Sien na:**
Sien bladsy 121
**Punte:** 5







## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.



**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE

### Voer ’n lentedans uit

30 min

**Inleiding**
- Gesels oor Lentedag.
- Wat vier ons?

**Oefen**
- Lokomotoriese bewegings: Laat die leerders hulle voete op die vloer gly en dan met ’n sprong hardloop.
- Nie-lokomotoriese bewegings: Draai, val, sweef, swaai.
- Buig die lyf en buig die knieë.

**Pare**
- Die leerders improviseer ’n kort dans met musiek deur die bewegings te gebruik wat hulle geoefen het.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESERING 1 — *Die Phelophepa-trein*

15 min

**Teken en skryf**

- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om die **derde deel** van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein* te teken, en 'n sin daarby te skryf.

**Luister en Praat**

- Laat leerders in groepies van vier tot vyf na jou tafel kom om oor die storie van *Dora se ouma en Phelophepa-trein* te praat.
- Luister na een derde van die klas gedurende hierdie periode. Voltooi op Woensdag en Donderdag van Week 6.
- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoër-ordevrae.

***Voorbeelde:***

- Vertel die storie van Dora se ouma en die Phelophepa-trein in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wat het elkeen van die karakters nodig?
- Waarom reis die trein deur Suid-Afrika?
- Waarom word die trein "Die trein van hoop" genoem?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5



## AANVANGSKENNIS — My tweede kompos-verslag

bl. 75
15 min

**Neem waar**

- Die leerders neem hul kompos-eksperiment waar en merk die nuwe boonste vlak bo-aan die kompos.

**Bespreek**

- Bespreek as 'n klas enige veranderinge wat hulle waargeneem het. Gesels oor waarom die kompos afgesak het (*die skille en papier het ontbind*), die kleur, die reuk, ens.

**Doen die aktiwiteit**

- Die leerders teken hul bottel met kompos en voltooi die sinne in hul boeke.






## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

bl. 76
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES — Woordeskat en taal

15 min

**Flitskaarte**

- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 54–59).
- Plaas die woorde op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**

- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woorde sê vir ons dat iets nuuts met Ouma gebeur het? (*nou*)
- Watter ander tydwoorde ken julle? (*toe*, *volgende*, *eerste*, *laaste*, ens.)





## SKRYF Leesbegrip

bl. 77
15 min


DATUM

Leesbegrip

Lees *Dora se ouma en die Phelophepa-trein.*
Merk die regte antwoorde.

1 Waarom het Ouma na die Phelophepa-trein gegaan?
- Sy kon nie hoor nie.
- Sy kon nie sien nie.
- Sy kon nie loop nie.

2 Waarom was die trein laat?
- Die trein se steenkool was op.
- Die trein se diesel was op.
- Die kabels op die spoorlyn was gesteel.

3 Voltooi die sinne.
Ouma het ______.
Kegetso se suster het ______.
Petros het ______.

4 As jy op die Phelophepha-trein sou ry, wat sou jy die dokters gevra het om te doen?

WEEK 6 • DONDERDAG • 77

**Lees**
- Lees weer die storie van *Dora se ouma en die Phelophepa-trein*.

**Antwoord die vrae**
- Die leerders moet dit nie uit hul geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Kontroleer saam die antwoord**





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## UITVOERENDE KUNSTE 'n Liedjie oor bome

30 min

**Bestaande kennis**
- Die leerders gee die name van tradisionele liedjies wat hulle van bome of plante ken.

**Sing**
- Kies 'n tradisionele liedjie en sing dit as 'n klas saam.

**Voer op**
- Groepe kies, oefen en voer die liedjie op.

**Evalueer**
- Prys en gee applous aan elke groep.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Een miljoen bome

bl. 73
15 min

MG
bl. 45

Professor Wangari Maathai het in 2004 die **Nobelprys vir Vrede** gewen.

Sy was 'n lid van die Parlement in Kenia en het vir vroueregte baklei. In 1977 het sy die *Green Belt*-beweging gestig, waar sy vroue geleer het om bome te plant om die ontbossing in Kenia te stop. Na haar afsterwe in 2011, het die beweging voortgegaan, en vroue in Kenia het al meer as 1 miljoen bome geplant.

**Pare** Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Bespreek en verskaf meer inligting. Skryf dit op die KWL-kaart.




## AANVANGSKENNIS — Een miljoen bome

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE — Diktee

15 min

MG
bl. 10

**Lees die woorde vir diktee**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer**
- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.

spoor
spoed
smeer
ster
stort

## SKRYF ASSESSERING 2 — My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.

**Sien na:**
Sien bladsy 121
**Punte:** 5






## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27




## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

15 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

30 min

MG
bl. 51–52

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Bly veilig op die pad







## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

skolierpatrollie | apparaat | hoë sigbaarheid | voetoorgang

**Sinstrook**

Die motors stop. Party bestuurders waai, en ander haal hul selfone uit om vir boodskappe te kyk.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 92
2. **Handskrif 1**
3. **Handskrif 2** Qq Oo
4. **Handskrif 3** Die koning trek los en swaai sy swaard toe 'n swerm bye op die troon toesak.
   Naam ____________________
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 1, bladsy 111
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 19
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 26
8. **Woordeboek**
   skolierpatrollie apparaat hoë sigbaarheid voetoorgang

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Karton
- Skêre, verf of kryte
- 2-liter-koeldrankbottels gevul met sand
- Stok of plastiekpyp en draad/tou om tekens mee vas te maak
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Skolierpatrollie

Ek is Kabelo. Ek woon in 'n dorpie in die Limpopo-provinsie. Ek is deel van die skolierpatrollie by ons skool. Ons help die kinders om die besige pad naby die skool oor te steek.




Voordat ons deel van die skolierpatrollie mag wees, moet ons **opgelei** word. Ons leer wat om te doen, waar om te staan en wat om vir die leerders te sê.

Ons moet baie vroeg by die skool wees wanneer dit ons beurt is. Om 07:00 kry ons ons apparaat in mnr. Mashiane se klaskamer. Ons dra spesiale geel baadjies, wat **hoësigbaarheidsglimbaadjies** genoem word, sodat bestuurders ons kan sien. Ons het ook 'n fluitjie en twee groot stoptekens wat nogal swaar is. Ons maak beurte om die swaar tekens te dra.

Om 07:15 is ons by die **sebra-oorgang** wat op die pad voor die skool geverf is. Daar is ook 'n padteken op 'n paal om die motoriste te waarsku dat kinders dalk die pad sal wil oorsteek.

Die helfte van ons staan aan die een kant van die pad en die res aan die anderkant. Ons wag totdat daar tien kinders is wat die pad moet oorsteek, want as die motors vir een kind op 'n slag moet stop, raak die taxibestuurders baie ongeduldig! Dan blaas die taxibestuurders op hul toeters. Mnr. Mashiane sê vir hulle om op te hou raas sodat die leerders die motors kan hoor aankom.

Ons leier blaas die fluitjie en ons versper die pad met die stoptekens. Die motors stop. Party bestuurders groet ons, maar ander lees boodskappe op hul selfone. Wanneer al die motors gestop het, sê ons vir die leerders om die pad oor te steek. As hulle hardloop, raas ons onderwyser met hulle. 'n Mens moet nooit hardloop wanneer jy die pad oorsteek nie. Jy moet net vinnig stap.

Sodra die leerders veilig aan die ander kant van die pad is, haal ons die padtekens weg sodat die motors kan ry. Party van die kinders sê dankie en hardloop al langs die paadjie skool toe.

Ek is baie trots om deel van die skolierpatrollie te wees, want ek help om ander veilig te hou.

## WOORDESKAT

**opgelei** – geleer hoe om iets te doen

**hoësigbaarheidsglimbaadjies** – baadjies wat helder geel of oranje is, en maklik teen enige agtergrond gesien kan word

**sebra-oorgang** – wit strepe wat op 'n teerpad geverf is om aan te dui waar mense 'n pad veilig kan oorsteek

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Skolierpatrollie*

OG bl. 79

15 min

**Voor lees**
- Wie moet 'n besige straat oorsteek om by die skool te kom? Hoe bly julle veilig?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS Wees helder, wees sigbaar, wees veilig!

bl. 86

15 min

**Bestaande kennis**
- Wat kan jy doen om veilig te wees op die pad?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek**
- Watter tipe klere maak ons sigbaar op die paaie?
- Aan watter kant van die pad moet jy loop?




## KLANKE Die sw-klank

bl. 87

15 min

MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES *Skolierpatrollie*

bl. 80–85

15 min

**Prentloop**
- Vir wie kan jy in elke prent sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys na die woorde met hulle vingers.

**Begrip**
- Op bladsy 80, wys na die woord wat vir ons sê hoe die pad naby die skool lyk.
- Op bladsy 81, wys na die woorde wat vir ons sê wat dit maklik maak vir bestuurders om die kinders te sien.
- Wat beteken hoë sigbaarheid?
- Op bladsy 82, wys na die woord wat vir ons sê dat hy eers bang was.
- Hoe weet ons dat hy na 'n rukkie nie meer bang was nie?





## HANDSKRIF

30 min

MG
bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 78).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37



5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

**Maak 'n padteken**

30 min



**Bespreek**
- Wys 'n plakkaat met padtekens vir die leerders in die LAB op bladsy 95.
- Vra wat elkeen beteken.

**Beplan**
- Die leerders ontwerp 'n padteken. Dit mag 'n regte padteken wees of 'n snaakse een, bv. Geen hoenders hier nie!
- Die leerders teken die padteken wat hulle wil maak.
- Hulle maak die materiaal wat hulle gaan nodig kry, bymekaar – afvalkarton, plastiekbottel gevul met sand, 'n stok of 'n stuk plastiekpyp.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG
bl. 51–52



**Gebruik een van die vier aktiwiteitstasies van hierdie week vir LO Assessering 1:**
- Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.
- Gooi 'n bal kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.
- Gooi 'n bal sywaarts soos in rugby.

**Koel af**

## DINSDAG



### WELSYN Oplettende ek

15 min

- Leerders sit gemaklik met oë gesluit.
- Hulle luister aandagtig na geluide wat hulle rondom hulle kan hoor.
- Hulle maak hul oë oop en vertel vir mekaar alles wat hulle gehoor het.
- Gesels oor hoe hulle mooi moet luister wanneer hulle die pad oorsteek.





### AANVANGSKENNIS/PSW ASSESSERING 1

**Wie is veilig?**

OG bl. 126 15 min

**Deel afskrifte van bladsy 126 in die OG uit vir Aanvangskennis: Assessering 1**

**Sluit aan by gister se les**

- Herinner die leerders aan wat hulle geleer het oor hoe om veilig te wees.

**Doen die aktiwiteit**

- Merk Ja of Nee en gee 'n rede.
- Skryf volsinne.

**Pare**

- Kontroleer antwoorde.

**Sien na:** Sien bladsy 122
**Punte:** 10


NAAM ______ DATUM ______

Wie is veilig?

Merk Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord.

☐ Ja ______
☐ Nee ______

☐ Ja ______
☐ Nee ______

☐ Ja ______
☐ Nee ______

☐ Ja ______
☐ Nee ______

☐ Ja ______
☐ Nee ______

126 Week 7 • Dinsdag AANVANGSKENNIS ASSESSERING I



### KLANKE Kies die regte woord

bl. 88 15 min

MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**


DATUM ______

Kies die regte woord

swerm swaai swem swaan swart swaard

1 Tatjana swem baie vinnig.
2 Ouma brei vir Niekie 'n ______ trui.
3 Luke speel op die ______.
4 Daar vlieg 'n ______ bye.
5 Die vegter het 'n blink ______.
6 Die wit ______ beweeg stadig langs die rivier af.

88 • WEEK 7 • DINSDAG



### LEES Sinsbou

bl. 127 15 min

MG bl. 19–21

**Knip uit**

- Leerders knip die sinstrook op (bladsy 127) uit.

**Saamlees**

- Is daar enige voegwoord in die middel van die sin? (*en*, *maar*)
- Wat doen die voegwoord?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.
  - **Wat?** Die motors
  - **Doen wat?** stop
  - **Voegwoord** en
  - **Hoeveel?** sommige
  - **Wie?** bestuurders
  - **Doen wat?** waai
  - **Voegwoord** maar
  - **Wie?** ander
  - **Doen wat?** haal hul selfone uit
  - **Voegwoord?** en
  - **Doen wat?** kyk vir boodskappe

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sin** in op bladsy 127 in die LAB





## GEDEELDE SKRYF — Bly veilig

**15 min** | **MG bl. 38–41**




**Inleiding**
- Gesels oor wat "veilig wees" beteken.

**Wys die skryfraam**
- Bespreek die doel van paragrawe en volgordewoorde.

**Dinkskrum**
- Kies een plek waar ons veilig moet wees, byvoorbeeld by die strand, in 'n taxi of 'n winkelsentrum.
- Hoekom moet ons daar veilig bly?
- Hoe kan ons daar veilig bly? (kies 4 idees)

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees oor hoe om veilig te bly op die bord te skryf.
- Paragraaf 1: Beginsinne
- Paragraaf 2: Redes




## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37** | **5 min + 30 min** | **MG bl. 24–27**




**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE — Maak 'n padteken

**30 min**



**Beplan**
- Die leerders beplan hoe hulle die materiale wat hulle het, gaan gebruik.

**Skep**
- Die leerders maak hulle padtekens.
- Plak die teken op die bottel met sand sodat dit regop kan staan.

**Wys**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**30 min**



### Lateraliteit en koördinasie

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Gee instruksies vir een groep. Neem waar en assesseer.
  - Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.
  - Gooi 'n bal kloksgewys en antikloksgewys in sirkelformasie.
  - Gooi 'n bal sywaarts soos in rugby.

**Koel af**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5



## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vraag**
- Hoe voel dit wanneer ek weet dat ek veilig is?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul menings te deel (gee aan elkeen 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS — Pikkewyn-waarskuwing

bl. 89
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor pikkewyne**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Leerders moet hulle antwoorde Vrydag klas toe bring.

**Die leerders se antwoorde sal Vrydag geassesseer word.**



## KLANKE — Die tr-klank

bl. 90
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**



## LEES — *Skolierpatrollie*

bl. 80–82
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Skolierpatrollie* in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF Padveiligheid

15 min



**Hersien Gedeelde Skryf van Dinsdag**
- Beginsin/ne
- Volgorde van woorde

**Dinkskrum oor padveiligheid**
- Bespreek waar om te loop om sigbaar te wees, die pad oor te steek, die lees van padtekens, gehoorsaam van instruksies, ens.
- Skryf die woordeskat op die bord.

**Skryf**
- Leerders skryf twee paragrawe oor hoe om veilig op die pad te wees.
- Hulle moet die woorde **eerstens**, **tweedens** en **laastens** gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

30 min

### Berei voor vir rolspel

**Warm op**
- Speel *Vries* deur lokomotoriese bewegings te gebruik.

**Bespreek**
- Bespreek die volgorde van die skolierpatrollie-storie.
- Wie is die rolspelers?
- Wat doen elkeen?
- Bespreek verskillende gedrag: Wie is baasspelerig? Wie is verveeld? Wie is ongehoorsaam? ens.

**Groepe**
- Die leerders beplan en oefen in hul groepe ’n kort toneel oor hoe om die skolierpatrollie te gebruik.
- Elke lid van groep moet ’n dialoog hê.
- Verduidelik aan die leerders dat hul rolspel die volgende dag geassesseer gaan word.




**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min

### Lateraliteit en koördinasie

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Gee instruksies vir een groep. Oberserveer en assesseer.
- Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in ’n sirkelformasie.
- Gooi ’n bal kloksgewys en antikloksgewys in ’n sirkelformasie.
- Gooi ’n bal sywaarts soos in rugby.

**Koel af**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

**15 min**

Op die wyse van die Engelse liedjie *Incy wincy spider*

Wanneer ek naby die verkeer loop,
hardloop en stoot ek nie.

Ek loop op die sypaadjie,
en speel, néé, nooit nie.

My aandag word nie afgelei,
ek hardloop nie rond nie.

Gehoorsaam alle padtekens,
en hou myself so veilig!



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2

**OG bl. 127**

**15 min**

### Bly veilig op openbare vervoer

**Deel afskrifte van bladsy 127 in die OG uit vir Aanvangskennis Assessering 2**

**Bestaande kennis**
- Vra die leerders om te vertel van openbare vervoer wat hulle al gebruik het.

**Lees die bladsy**
- Wat wys die prente?
- Wat sê die sinne?

**Doen die aktiwiteit**
- Pas die prente by die sinne.
- Skryf 'n paragraaf van ten minste drie sinne oor hoe om veilig op openbare vervoer te wees.



NAAM ______ DATUM ______

Bly veilig op openbare vervoer

**Pas die prente by die opskrifte. Skryf 'n paragraaf.**

Moenie op- of afklim voordat die voertuig nie heeltemal gestop het nie.

Moenie die bestuurder pla terwyl die persoon bestuur nie.

Sit stil en dra jou veiligheidsgordel.

Bedek jou neus en mond wanneer jy hoes of nies.

Moenie opstaan terwyl die taxi ry nie.

AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2 — Week 6 • Donderdag 127

**Sien na:** Sien bladsy 122
**Punte:** 10



## KLANKE — Skryf jou eie sinne

**15 min**

**MG bl. 8–13**

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES — Woordeskat en taal

**15 min**

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 80–85).
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Omkring die voegwoorde (*en*, *maar*).
- Skryf drie kort sinne sonder die voegwoorde. (*Die motor stop. Sommige motorbestuurders waai. Ander haal hul selfone uit en kyk na hul boodskappe.*)





## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees twee sinne van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Wys hoe ons sinne meer interessant kan maak deur verskillende werkwoorde te gebruik (bv. in plaas van “loop” gebruik “beweeg”).
- Verbind twee sinne deur middel van ’n voegwoord.

**Pare: Lees, kontroleer en verbeter**
- Die leerders lees ’n sin van die vorige dag se skryfwerk aan ’n maat voor.
- Kontroleer saam die spelling en leestekens van die sin.
- Maak jul sinne meer interessant deur verskillende werkwoorde te gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27





## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

30 min




### Rolspeel

**Inleiding**
- Herinner die leerders aan die rolspel wat hulle die vorige dag geoefen het.

**Voer op**
- Laat een groep op ’n keer optree.

**Sien na:**
Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min



### Lateraliteit en koördinasie

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Gee instruksies vir een groep. Oberserveer en assesseer.
- Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in ’n sirkelformasie.
- Gooi ’n bal kloksgewys en antikloksgewys in ’n sirkelformasie.
- Gooi ’n bal sywaarts soos in rugby.

**Koel af**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

### Pikkewyn-waarskuwing

bl. 89

15 min




Pikkewyne is voëls, maar hulle vlerke is baie klein omdat hulle die helfte van hul leeftyd in die water deurbring. Hulle gebruik hierdie klein vlerkies as swempote om hulle te help swem. Hulle kan nie vlieg nie. Pikkewyne kan ver afstande loop. Soos alle voëls, lê hulle eiers en het hulle ook vere. Hulle is swart en wit sodat hulle moeilik sigbaar onder water is (kamoeflering). Hulle eet vis.

**Assesseer**
- Assesseer leerders in klein groepies.
- Laat elke leerder iets oor pikkewyne vertel en assesseer hulle volgens die kriteria op bladsy 117.
- Die leerders skryf oor wat hulle uitgevind het terwyl die ander leerders geassesseer word. Gaan voort met die assessering in die volgende les.
- Gaan voort met assessering gedurende Aanvangskennis-les.

**Sien na:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5

## AANVANGSKENNIS Pikkewyn-waarskuwing

15 min



**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.
- Gaan voort met Luister en Praat Assessering 2 terwyl die ander leerders skryf en teken.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.

## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 91

15 min

MG bl. 16–17




**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees die woorde vir 1 minuut aan 'n maat.
- Die onderwyser hou tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hulle beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.

## SKRYF My nuus

15 min




**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min



### Lateraliteit en koördinasie

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Gee instruksies vir een groep. Neem waar en assesseer.
- Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.
- Gooi 'n bal kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.
- Gooi 'n bal sywaarts soos in rugby.

**Koel af**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.




# Bly veilig op die pad

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

onderhoud | vroulik | offisier | boete | jaag

**Sinstrook**

Ons almal dra spesiale geel baadjies. Hierdie glimbaadjies weerkaats lig en word maklik raakgesien.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare LAB bladsy 98
2. Handskrif 1
3. Handskrif 2 HhTt
4. Handskrif 3 Die vlieënier vra vir vleis en vrugte voor hy vlieg.
   Naam ______________________
5. DBO-werkboek vir Huistaal Boek 1, bladsy 123
6. DBO-werkboek vir Huistaal Boek 2, bladsy 14
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid bladsy 27
8. Woordeboek
   onderhoud vroulik offisier boete jaag

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Twee handpoppe of speelgoed vir die Hardoplees
- Skêre, kryte of viltpenne, gom vir Visuele Kuns
- Apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# ’n Onderhoud

*Tydens ’n* ***onderhoud*** *vra die een persoon vrae om inligting te kry. Gebruik poppe of speelgoed terwyl jy die onderhoud lees om die onderhoudvoerder en verkeersbeampte Sisulu te verteenwoordig.*



**Verslaggewer:** Goeiemôre en baie welkom aan al ons kykers. Vanoggend is verkeersbeampte Sisulu van die plaaslike verkeersdepartement by ons in die **ateljee**. Welkom, verkeersbeampte Sisulu.

**Verkeersbeampte Sisulu:** Goeiemôre en baie dankie dat julle my genooi het. Ek is baie bly om hier te wees.

**Onderhoudvoerder:** Verkeersbeampte Sisulu, wat het jou laat besluit om ’n verkeersbeampte te word?

**Verkeersbeampte Sisulu:** (*lag*) Ek het dit baie geniet om deel te wees van die skolierpatrollie by die skool, so ek het gedink ek sal voortgaan om ’n werk te doen waardeur ek mense help.

**Verslaggewer:** Ek is verras om te sien dat jy vroulik is. Ek het gedink dat alle verkeersbeamptes mans is.

**Verkeersbeampte Sisulu:** (*lag*) O nee, daar is baie vroulike verkeersbeamptes in die verkeersdepartement. Enige een kan ’n verkeersbeampte word indien hulle die toetse slaag. Jy moet jonger as 35 wees wanneer jy aansoek doen. Jy moes ook Graad 12 by ’n skool of aan ’n TVET-kollege voltooi het. Jy mag ook nie ’n **kriminele rekord** hê nie.

**Verslaggewer:** Dit is belangrik. Ons wil nie kriminele in die verkeersdienste hê nie. Moet jy kan bestuur?

**Verkeersbeampte Sisulu:** O ja, jy moet ’n geldige bestuurderslisensie hê, en jy moet ’n fiksheidstoets slaag, want om ’n verkeersbeampte te wees, is harde werk.

**Verslaggewer:** Het jy geleer hoe om vinnige motors te bestuur en om kriminele te jaag? Soos ons op TV sien?

**Verkeersbeampte Sisulu:** (*lag*) O, my goeiste, nee! Ons kry opleiding om goeie bestuurders te wees, maar dis net ’n paar beamptes wat jaag soos julle op TV sien! Die meeste van die goed wat ons doen, is baie algemeen.

**Verslaggewer:** Vertel ons wat jy alles doen.

**Verkeersbeampte Sisulu:** Ek het altyd die skolierpatrollie opgelei. Nou gaan ek op patrollie in ’n blou en geel motor om te kyk dat mense nie op die snelweë jaag nie. Ons moet hulle vang en beboet.

**Verslaggewer:** Ek is seker baie mense raak kwaad as jy vir hulle ’n boete gee.

**Verkeersbeampte Sisulu:** Ja, hulle word kwaad, maar ons kan nie toelaat dat hulle jaag en ander mense se lewens in gevaar stel nie. ’n Ander deel van my werk wanneer ek op patrollie is, is om by ongelukke te help. Ek sorg dat ander bestuurders nie stilhou om te kyk en die pad versper nie.

**Verslaggewer:** Jy help die gemeenskap baie. Baie dankie dat jy ingekom het en vir ons van jou werk kom vertel het.

**Verkeersbeampte Sisulu:** Baie dankie dat julle my genooi het. Onthou asseblief om veilig op die paaie te wees.

## WOORDESKAT

**onderhoud** – ’n gesprek tussen twee persone wat uit vrae en antwoorde bestaan

**ateljee** – ’n plek waar ’n opname vir radio of TV gedoen word

**kriminele rekord** – ’n amptelike lys van al die oortredings waaraan ’n persoon al skuldig bevind is

# MAANDAG



## HARDOPLEES *'n Onderhoud*

OG bl. 91
15 min



**Voor lees**
- Vra: Het julle al ooit 'n onderhoud op TV gesien? Wat gebeur?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS Stop! Kyk! Luister! Dink!

bl. 93
15 min


DATUM

Stop! Kyk! Luister! Dink!

Volg hierdie reëls wanneer jy die pad oorsteek.

Stop!
Stop by 'n kruising of 'n verskeerslig indien moontlik. Staan 1 meter vanaf die kant van die pad. Staan só dat jy duidelik kan sien wat aankom en dat jy gesien kan word.

Kyk!
Kyk oral, nie net na die pad nie.
Kyk vir motors, fietse en ander voetgangers.
Kyk na die verkeersligte.

Luister!
Luister vir motorenjins.
Luister vir toeters.
Luister vir instruksies van volwassenes.

Dink!
Is dit veilig om die pad oor te steek?
Is die pad in albei rigtings skoon en veilig?
Kan ek betyds aan die ander kant kom?

WEEK 8 • MAANDAG • 93

**Bestaande kennis**
- Wat kan jy onthou van die reëls om 'n pad oor te steek?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek**
- As julle 'n pad oorsteek, watter goed is moeilik om te sien en te hoor?
- Hoekom moet die pad aan albei kante skoon wees?



## KLANKE Die vl-klank

bl. 94
15 min

MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**



## LEES *Skolierpatrollie*

bl. 80–85
15 min


'n Paar klein kindertjies het gekom en wou die pad oorsteek. Hulle het van hul huise af gestap en hul skooltasse is baie groot en swaar.

Ons laat hulle langs die pad wag. Hulle raas baie, en daarom vra ons onderwyser hulle om stil te bly.

WEEK 7 • 83

**Prentloop**
- Wie kan julle in elke prent sien?
- Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 83, wys na die woorde wat vir ons sê dat daar meer as een leerder is wat wag om die pad oor te steek.
- Op bladsy 84, wys na die woorde wat vir ons wys dat nie al die bestuurders dieselfde goed doen wanneer hulle stop nie.
- Op bladsy 85, wys na die woorde wat vir ons twee dinge sê wat die kinders gedoen het nadat hulle die pad oorgesteek het.
- Wys na die woord wat vir ons sê hoe Kabelo voel.
- Hoe sou jy gevoel het as jy deel van die skolierpatrollie was?



## HANDSKRIF

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 90).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 doen.

## LEES ASSESSERING 1 Groep A

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul leesboek.
- Vra leerders om een vir een te lees sodat jy kan luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na hoe elke kind lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle gelees het.

**Sien na:**
Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## VISUELE KUNSTE Maak 'n pikkewyn

OG bl. 131

30 min



**Bespreek**
- Kyk na die prente van pikkewyne.
- Hoe lyk pikkewyne? Watter kleur is pikkewyne?

**Skep**
- Deel afskrifte van bladsy 131 in die OG uit. Hierdie vorms vorm 'n pikkewyn.
- Leerders kleur die vorms in.
- Knip al die dele uit en plak dit om 'n pikkewyn te maak.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Aktiwiteitstasies sal die week slegs op Maandag, Woensdag en Donderdag gedoen word. Assesseer leerders vir hul deelname aan 'n speletjie op Dinsdag en Vrydag.**

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Pare sit rug-teen-rug.
- Die leerders vertel vir mekaar 'n snaakse storie of 'n grappie.
- Die leerders draai om en vertel die storie van aangesig tot aangesig vir mekaar.
- Bespreek dat dit makliker is om mekaar te verstaan wanneer ons mekaar kan sien.



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 3

### Wat is hulle?

OG bl. 128
15 min




**Deel afskrifte van bladsy 128 in die OG uit vir Aanvangskennis: Assessering 3**

- Kyk saam met die leerders na die woordgroepe en prente.
- Verduidelik dat elke groep woorde en prente oor iets gaan wat hulle hierdie kwartaal geleer het. Die prente dien as leidrade.
- Lees die woorde in groep 1 om die antwoorde te vind.

**Antwoord**

- Leerders kan die antwoorde in die LAB soek.
- Vul die titels in.

**Sien na:**
Sien bladsy 122
**Punte:** 5



## KLANKE ASSESSERING 1 Skryf die klanke

OG bl. 129
15 min




**Deel afskrifte van bladsy 129 in die OG uit vir Klanke Assessering 1**

**Lees die klanke vir diktee** Die leerders skryf die klanke in die boksies soos die onderwyser die klank sê.

1. kn-
2. kw-
3. pr-
4. sl-
5. sn-

**Leerders voltooi die woorde**

1. prins
2. snoek
3. knoop
4. kwas
5. slak

**Sien na:**
Sien bladsy 118
**Punte:** 10

**Neem die boeke in**



## LEES Sinsbou

bl. 129
15 min
MG bl. 19–21




**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook op bladsy 129 uit.

**Lees saam**

- Hoekom is daar kommas? (,) aan albei kante van hierdie woorde: ", wat hoësigbaarheids-glimbaadjies genoem word," ?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.
  - **Wie?** Almal van ons
  - **Doen wat?** dra
  - **Wat?** spesiale geel baadjies
  - **Wat?** hoësigbaarheidsglimbaadjies
  - **Doen wat?** genoem word
  - **Waarom?** dat motors ons kan sien

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sin** in op bladsy 142 in die LAB.



## GEDEELDE SKRYF

### “Hoe om te”-teks

15 min

MG bl. 38–41




**Inleiding**

- Gesels oor iets wat in ’n spesifieke volgorde gedoen moet word, bv. tee te maak, jou bed op te maak, gereed te maak vir skool, ens.

**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum**

- Oor watter prosedure sal ons skryf?
- Wat is die eerste stap? Wat is die tweede? ens.

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die "hoe om te"-teks op die bord te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**

- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 doen.

## LEES ASSESSERING 1

### Groep B

- Die leerders fluister-lees ’n storie uit hul leesboek.
- Vra leerders om een vir een te lees sodat jy kan luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na hoe elke kind lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle gelees het.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## VISUELE KUNSTE

### Maak ’n pikkewyn-prent

30 min



**Groepwerk**

- Laat elke groep ’n landskap (agtergrond) vir hulle pikkewyne op ’n groot vel papier skep. ’n Paar idees: gebruik ’n collage om die lug of die see te maak; gebruik verf; maak ys uit watte; maak ’n “pikkewynoorgang”, ens.
- Plak die groep se pikkewyne op die landskap (agtergrond).

**Wys**

- Stal die kunswerke in die klaskamer uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Speel ’n speletjie

30 min



**Kies ’n speletjie** (Wolf en Skaap, Krappe-en-Kraaie of ’n tradisionele speletjie)

**Verduidelik die aktiwiteit**

- Verduidelik die reëls van die speletjie wat jy gekies het.
- Kontroleer of hulle die reëls verstaan deur vrae te vra.
- Verskaf die nodige toerusting.

**Speel die speletjie**

- Die leerders speel.
- Neem waar en assesseer die leerders.

**Neem waar en assesseer die helfte van die leerders gedurende hierdie les**

**Sien na:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

# WOENSDAG

## WELSYN — Ek dink, ek voel …

15 min



**Vrae**
- Hoe voel ek wanneer ek in ’n besige straat is?
- Weet ek hoe om verantwoordelik te wees?
- Wat doen ek as my vriende onverantwoordelik is?

**Pare**
- Bespreek die vrae.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder ’n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS — Padtekens

bl. 95
15 min
MG bl. 45


DATUM

Padtekens



Padtekens help om mense veilig op die paaie te hou. Padtekens sê vir ons wat om te doen en waarsku ons teen gevaar.

Wat beteken hierdie padtekens?

WEEK 8 • WOENSDAG • 95

**Maak ’n KWL-kaart oor padtekens**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Laat die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE — Die vr-klank

bl. 96
15 min
MG bl. 8–13


DATUM

vr

vrou

vraag vrug vroeg

vries vryf vrot

___oente ___aas ___aag

Die vrou eet vreeslik graag vrugte.

96 • WEEK 8 • WOENSDAG

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Skolierpatrollie*

bl. 83–85
15 min


’n Paar klein kindertjies het gekom en wou die pad oorsteek. Hulle het van hul huise af gestap en hul skooltasse is baie groot en swaar.

Ons laat hulle langs die pad wag. Hulle raas baie, en daarom vra ons onderwyser hulle om stil te bly.

WEEK 7 • 83

**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Skolierpatrollie* in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.



## SKRYF — Hoe om die pad oor te steek

15 min

MG bl. 38–41

**Hersien** die Gedeelde Skryf van die vorige dag.

**Dinkskrum die woordeskat**

- Dinkskrum woorde oor die prosedure om te volg wanneer ons die pad oorsteek.

**Skryf**

- Leerders gebruik die skryfraam om te beskryf wat gedoen moet word om 'n pad oor te steek.








## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 doen.





## LEES ASSESSERING 1 — Groep C

MG bl. 24–27

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul leesboek.
- Vra leerders om een vir een te lees sodat jy kan luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na hoe elke kind lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle gelees het.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2 — Improviseer en interpreteer

30 min

**Neem die helfte van die leerders waar soos hulle die interpretasie uitvoer en teken hulle vordering aan**

**Warm op**

- Huppel, galop of spring rond in die klas, as reaksie as jy "vries" of "gaan" sê.

**Interpreteer**

- Sê die name van verskillende voertuie – 'n trein wat teen 'n heuwel ry, 'n motor wat by 'n skolierpatrollie stop, 'n vragmotor op 'n hobbelrige pad, Mkhulu se kruiwa, 'n vliegtuig wat opstyg/land, 'n skip op 'n kalm/onstuimige see, ens.
- Die leerders beweeg toepaslik.

**Koel af**

- Krul op soos 'n bal en strek dan jul lywe om die ruggraat te verleng.



**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Op die wyse van die Engelse liedjie ***This is the way we …***

So moet ons die pad oorsteek,
Pad oorsteek, pad oorsteek,
So moet ons die pad oorsteek
Op pad na ons skool.

Eerstens moet jy doodstil staan
Doodstil staan, doodstil staan
Eerstens moet jy doodstil staan
Om veilig te wees.

Kyk eers regs en dan weer links.
Eers na regs, en dan weer links.
Kyk eers regs en dan weer links
Om te sien wat aankom.

Nou moet julle mooi luister.
Mooi luister, mooi luister.
Nou moet julle mooi luister
Daar's dalk nog 'n motor.

Laastens moet jy baie slim wees,
Baie slim wees, baie slim wees.
Laastens moet jy baie slim wees
En besluit of dit veilig is.

## AANVANGSKENNIS — My derde kompos-verslag

bl. 97
15 min


DATUM ______
My derde kompos-verslag
Ek het kompos op ______ begin maak.
Die streep wat ek getrek het, was ______ cm vanaf die boonste deel van die bottel.
Ek het elke week my kompos natgemaak. Toe ek daarna gekyk het, het ek ______ ______ opgemerk.
Ek het my kompos op ______, ______ en ______ gemeet.
Die streep wat ek vandag getrek het, was ______ cm vanaf die boonste deel van die bottel.
Ek dink die kompos het in die bottel afgesak omdat ______ ______.
WEEK 8 • DONDERDAG • 97

**Neem waar**

- Die leerders neem hulle kompos-eksperiment waar en merk die nuwe boonste vlak van die kompos.

**Bespreek**

- Bespreek die veranderinge wat hulle waargeneem het in klasverband.
- Gesels oor waarom die kompos gesak het (die skille en papier het ontbind), die kleur, die reuk, ens.

**Doen die aktiwiteit**

- Die leerders teken 'n prent van hulle komposbottel en voltooi die sinne in hulle boeke.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min
MG bl. 8–13




**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**

- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Flitskaarte**

- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 80–85).
- Plaas die woorde op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**

- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- In watter tydsvorme is die sin geskryf? (*teenwoordige tyd*)
- Watter woorde sê dit vir ons? (*dra*, *sien*)
- Hoe sou ons hierdie woorde in die verlede tyd sê? (*gedra*, *gesien*)



## LEES ASSESSERING 2 — Leesbegrip

**OG bl. 130**
**15 min**

**Inleiding**
- Deel afskrifte van bladsy 130 in die OG uit vir Lees Assessering 2.
- Verduidelik aan die leerders dat die aktiwiteit vir assessering is.

**Lees**
- Herlees die teks in die LAB bladsy 93.

**Beantwoord die vrae**
- Die leerders werk onafhanklik.
- Die leerders moet dit nie uit hulle geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10


NAAM ______ DATUM ______

Leesbegrip

**Lees die teks** Stop! Kyk! Luister! Dink!
**Merk al die regte antwoorde.**

1 Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek ______ stop.
○ 1 meter van die kant van die pad af
○ tussen geparkeerde motors
○ by 'n kruising

2 Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek luister vir
○ motorenjins. ○ toeters. ○ die skoolklok.

3 Maak 'n regmerkie in die regte kolom.

| | Stop! | Kyk! | Luister! | Dink! |
|---|---|---|---|---|
| Toeter | | | ✔ | |
| Verkeersligte | | | | |
| 1 meter vanaf die kant van die pad | | | | |
| Is die pad skoon (veilig)? | | | | |

4 Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek altyd onthou om

130 Week 8 • Donderdag LEES ASSESSERING 2





## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37**
**5 min + 30 min**

**Kontroleer handskrif en Onafhanklike Werk**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle Lees Assessering 1 doen.





## LEES ASSESSERING 1 — Groep D

**MG bl. 24–27**

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul leesboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na hoe elke kind lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 152
**Punte:** 10



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2 — Improviseer en interpreteer

**30 min**

**Warm op**
- Huppel, galop of spring rond in die klas, land saggies op die voete wanneer die sein gegee word.
- Die onderwyser gebruik verbale seine: "Vries!" en "Begin!"

**Interpreteer**
- Sê die name van verskillende voertuie – 'n trein wat teen 'n heuwel ry, 'n motor wat by 'n skolierpatrollie stop, 'n vragmotor wat tamaties op 'n hobbelrige pad vervoer, Mkhulu se kruiwa, 'n vliegtuig wat opstyg/land, 'n skip op 'n kalm/onstuimige see, ens.
- Die leerders beweeg toepaslik.

**Koel af**
- Krul en strek – krul op soos 'n bal en rek dan jou liggaam om die ruggraat te verleng.

**Neem die tweede helfte van die leerders waar soos hulle die interpretasie uitvoer en teken hulle vordering aan.**



**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**30 min**
**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Padtekens

bl. 95
15 min
MG bl. 45

Padtekens moet deur almal verstaan word, watter taal hulle ook al praat. Daarom het sommige padtekens geen woorde nie. ’n Uitsondering is die STOP-teken. Waarom dink julle stop mense steeds as hulle ’n STOP-teken sien, al kan hulle nie Afrikaans en Engels lees nie.

Rooi sirkelvormige tekens vertel ons wat ons moet/nie moet doen nie. Driehoekige tekens waarsku oor moontlike gevare. Blou tekens gee inligting oor roetes.

**Pare**
- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra ’n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit in die KWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.






## AANVANGSKENNIS — Padtekens

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken ’n prent.



Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE ASSESERING 2 — Diktee

15 min

**Lees die woorde vir diktee**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Neem die boeke in om te merk**

**Sien na:**
Sien bladsy 118
**Punte:** 5

vleis
vrou
swerm
spoor
sluit



## SKRYF — My nuus

15 min

**Verskaf ’n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif en Onafhanklike Werk**

- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle Lees Assessering 1 doen.

## LEES ASSESSERING 1 Groep E

- Die leerders fluister-lees ’n storie uit hul leesboek.
- Vra leerders om een vir een te lees sodat jy kan luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na hoe elke kind lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle gelees het.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**

- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Speel ’n speletjie (vervolg)

30 min



**Gaan voort met die speletjie waarmee hulle op Dinsdag begin het**

**Verduidelik die aktiwiteit**

- Kontroleer of hulle die reëls onthou deur vrae te vra.
- Verskaf die nodige toerusting.

**Speel die speletjie**

- Die leerders speel.
- Neem waar en assesseer die leerders.

**Neem waar en assesseer die helfte van die leerders gedurende hierdie les**

**Sien na:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Wie kan help?



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| bokkies | voorgegee | ingesluk | gesink | mislei |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**

Sy het vir die bokkies gesê om nie die wolf in die huis in te laat nie, want hy sal hulle opeet.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 113
2. **Handskrif 1** a a a
3. **Handskrif 2** Jj Kk
4. **Handskrif 3** Die skrywer skrik toe die sprinkaan uit die struik spring.
   Naam ______________________
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 1, bladsy 163
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 14
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 30
8. **Woordeboek**

bokkies voorgegee ingesluk gesink mislei

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Skêre, gom, kryte of viltpenne
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Die wolf en die sewe bokkies



Lank, lank gelede het 'n mamma bok en haar sewe klein **bokkies** in die woud gewoon. Eendag het sy gesê: "Ek gaan vir ons kos soek. Moenie die wolf in die huis inlaat nie. As julle dit doen, gaan hy julle opeet. Julle sal weet as dit hy is, want hy het 'n **growwe** stem en harige, swart pote."

Kort daarna het die wolf aan die deur geklop en gesê: "Maak oop die deur, klein bokkies, dit is julle mamma en ek het vir julle 'n verrassing gebring." Die bokkies het gesê: "Jy is nie ons mamma nie! Ons mamma het 'n sagte, soet stem. Jou stem is hard en grof! Gaan weg, nare wolf!"

Die wolf het 'n boks kryt gekoop en alles opgeëet om sy stem sagter te maak. Toe het hy teruggegaan en weer aan die bokkies se deur geklop. Hy het in 'n sagte stem gesê: "Maak oop die deur, klein bokkies, dit is julle mamma en ek het vir julle 'n verrassing gebring." Maar die bokkies het sy swart, harige pote gesien en gesê: "Jy is nie ons mamma nie! Ons mamma het sagte, wit pote. Jou pote is harig en swart. Gaan weg, nare wolf!"

Die wolf het toe sy pote met meel glad en wit gemaak. Hy het na die bokkies se huis teruggehardloop en in 'n sagte stem gepraat. Toe die bokkies die gladde en wit pote sien, het hulle die deur oopgemaak.

Die wolf het ingehardloop en hulle almal heel ingesluk, behalwe die jongste bokkie. Daarna het die wolf terug woud toe gegaan om te gaan slaap.

Mamma Bok was terug by die huis. "Kom ons gaan soek die nare wolf!" het sy vir haar jongste gesê.

Hulle het die wolf onder 'n boom sien slaap. Hulle het gesien hoe iets in sy maag beweeg het. Mamma Bok het die wolf se maag met haar skêr oopgeknip en al ses bokkies het uitgespring. Hulle was almal lewendig!

Mamma Bok het gesê: "Kom ons soek groot klippe en maak die wolf se maag daarmee vol terwyl hy nog slaap." Toe het Mamma Bok die wolf se maag toegewerk.

Toe die wolf wakker word, het hy rivier toe gegaan om water te drink. Maar toe hy vooroor buk, het die swaar klippe in sy maag hom in die water laat val, en hy het tot op die bodem van die rivier gesink. En dit was die einde van die wolf.

Mamma Bok en haar sewe bokkies was baie bly en het gedans en uitgeroep: "Onthou dat slegte mense jou kan **mislei**! Wees altyd versigtig!"

## WOORDESKAT

**bokkies** – babas van bokke

**growwe** – hard en krakerig

**mislei** – voorgee om iemand of iets anders te wees

# MAANDAG

## HARDOPLEES — *Die wolf en die sewe bokkies*

OG bl. 103
15 min



**Voor lees**
- Wat noem ons 'n baba skaap? 'n Baba vark? 'n Baba bok?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie.
- Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Reageer en te sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS — Maak 'n noodoproep

bl. 106
15 min




**Bestaande kennis**
- Weet julle waarvoor hierdie telefoonnommer is? 10111

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Kyk na die prente en lees die teks.

**Pare**
- Rolspeel hoe om 'n noodoproep te maak en te beantwoord.

## KLANKE — Die spr- en str-klank

bl. 107
15 min

MG
bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Die wolf en die sewe bokkies*

bl. 100–105
15 min




**Prentloop**
- Wat gebeur in elke prent?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 100, wys na die woord wat vir ons sê hoe Mamma Bok gevoel het.
- Op bladsy 101, wys na die woorde wat vir ons sê dat die bokkies nie die wolf geglo het nie.
- Lees die spraakborrels.
- Op bladsy 102, wys na die woorde wat vir ons sê wat die wolf gedoen het.
- Het dit gewerk?



## HANDSKRIF



30 min

MG bl. 31–37

**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week (sien OG bladsy 102).
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES





MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Vra dan die begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n handpop

OG bl. 132

30 min




**Bespreek**
- Herinner leerders dat 'n handpop 'n figuur is wat tydens 'n opvoering deur iemand beweeg moet word.
- Praat oor en wys 'n paar verskillende soorte poppe (vingerpoppe, handpoppe, stokpoppe, sokkiepoppe).

**Maak handpoppe**
- Deel afskrifte van die handpop-templaat in die OG bladsy 132 uit.
- Voltooi die gesig op die boonste helfte.
- Kleur die mond en tong in.
- Knip al langs die stippellyn.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

# DINSDAG



## WELSYN — Oplettende ek

15 min

- Die leerders sit gemaklik en sluit hulle oë.
- Hulle oefen om stadig in en uit te asem tot 'n telling van tien.
- Die leerders maak hul oë oop en deel met 'n maat hoe dit hulle laat voel het.
- Gesels oor hoe hierdie aktiwiteit hulle kan help om te ontspan of te kalmeer.





## AANVANGSKENNIS — Wat om in 'n noodgeval te doen

15 min

**Beskryf elk van hierdie scenario's**

- Daar is 'n veldbrand agter jou huis
- Iemand het in die swembad geval en kan nie swem nie
- 'n Vreemdeling begin met jou praat
- Iemand kry seer op die speelgrond

**Bespreek as 'n klas**

- Is dit 'n noodgeval?
- Vir wie kan jy om hulp vra?





## KLANKE — Die skr-klank

bl. 108
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**

- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**

- Lees die woorde.

**Skryf**

- Skryf die woorde vir die prente.

**Lees die sin**






## LEES — Sinsbou

bl. 131
15 min
MG bl. 19–21

**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook op bladsy 131 uit.

**Lees saam**

- Watter voegwoord is in die middel van die sin? (*en*)

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Leerders knip die woorde/woordgroepe uit nadat al die vrae beantwoord is.
  - **Wie?** sy
  - **Wat gedoen?** het gesê
  - **Vir wie?** vir die bokkies
  - **Om wat te doen?** om nie in te laat nie
  - **Vir wie?** die wolf
  - **Waar?** in die huis
  - **Voegwoord** want anders
  - **Wat doen?** sal opeet
  - **Wie?** hy
  - **Vir wie?** hulle

**Skryf die woorde in die regte volgorde** om 'n sin te maak

**Plak die sinne** in op bladsy 165 in die LAB.





## GEDEELDE SKRYF

### 'n Dialoog

**15 min**

**MG bl. 38–41**




**Inleiding**

- Bespreek beleefde taal, bv. Kan jy my asseblief help? Ek het hulp nodig; Baie dankie; Ek is baie dankbaar; ens.
- Bespreek deur beurte te maak.

**Wys die skryfraam**

- Dialoog – twee sprekers
- Naam gevolg deur 'n dubbelpunt (:)

**Dinkskrum**

- Wie sal ons karakters wees?
- Wat is ons noodgeval?
- Wat sal ons vra?
- Wat sal die volwassene antwoord?

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die dialoog op die bord te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37**



**5 min + 30 min**

**MG bl. 24–27**



**Kontroleer handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### Handpoppe

**30 min**



**Knip en vou**

- Vou die bladsy in die helfte oor die lengte op die soliede lyn. Plak die twee dele aan mekaar met die tekening aan die buitekant.
- Konsertina-vou op die horisontale lyne sodat die boonste en onderste lippe bymekaarkom.
- Hou die handpop tussen die vingers en duim sodat julle die handpop se mond kan oop- en toemaak.

**Wys**

- Handpoppe sal tydens die Uitvoerende Kunste-les gebruik word.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**30 min**

**MG bl. 51–52**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# WOENSDAG



## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vraag**
- Ek moet kalm wees in 'n noodgeval. Wat kan ek doen om my te help kalmeer?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies een of twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).





## AANVANGSKENNIS — Bestry brande

bl. 109
15 min
MG bl. 45

**Maak 'n KWL-kaart oor die bestryding van veldbrande**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Laat die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.






## KLANKE — Kies die regte woord

bl. 110
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES — *Die wolf en die sewe bokkies*

bl. 100–102
15 min

**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Die wolf en die sewe bokkies* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepies van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.





## SKRYF Vra vir hulp

15 min

MG bl. 38–41



**Lees**
- Lees die dialoog van die Gedeelde Skryf van Dinsdag.

**Hersien die dialoogformaat**
- Twee karakters
- Wat die karakter sê

**Dinkskrum die woordeskat**
- Die noodgeval, wat die kind moet vra, watter beleefde taal om te gebruik.

**Skryf**
- Die leerders skryf ’n dialoog van iemand wat om hulp vra.
- Die leerders kies twee karakters. Een vra en die ander een reageer.





## GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE ’n Poppespel

30 min



**Berei voor**
- Lees die dialoog van die Gedeelde Skryf (Dinsdag).
- Sê vir leerders dat hulle hul eie dialoog gaan gebruik en opvoer vir die handpoppe wat hulle in Visuele Kunste gemaak het.

**Dinkskrum**
- Dinkskrum verskillende noodsituasies.

**Pare**
- Die leerders maak hul eie poppespel op en oefen dit deur hulle handpoppe te gebruik.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT Sing/Resiteer

15 min

Bly veilig, bly veilig,
hou jouself veilig!

Moenie saam met vreemdelinge
loop nie.
Moenie met vreemdelinge
praat nie.
Moenie na vreemdelinge
luister nie.

Bly veilig, bly veilig,
hou jouself veilig!

Moenie saam met vreemdelinge
ry nie.
Moenie saam met vreemdelinge
wegkruip nie.
Moenie saam met vreemdelinge
speel nie.

Bly veilig, bly veilig,
hou jouself veilig!



## AANVANGSKENNIS Veiliger vreemdelinge

15 min

**Bespreek**
- Hoe voel jy daaroor om met mense te praat wat jy nie ken nie?
- Met watter vreemdelinge is dit veilig om te praat?
- Watter vreemdelinge moet jy ignoreer?
- Vir wie moet jy sê as jy onveilig voel?



## KLANKE Skryf jou eie sinne

15 min

MG bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**




## LEES Woordeskat en taal

15 min

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die temastorie (sien LAB bladsy 100–105).
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord wys dat dit lank terug gebeur het? (*gesê*, *sou*)
- Wat kon ons in plek daarvan sê? (*sê*, *sal*)





## SKRYF Leesbegrip

bl. 111
15 min


DATUM

Leesbegrip

Lees die storie Die wolf en die sewe bokkies.

1 Plaas die gebeure in die regte volgorde.
- Die wolf het die bokkies met 'n growwe stem geroep.
- Die bokkies het die wolf se harige pote gesien.
- Die wolf het die bokkies bedrieg en hulle ingesluk.
- Mamma Bok het kos gaan soek.
- Mamma Bok het die wolf se maag oopgeknip.
- Die wolf het kryt geëet om sy stem sagter te maak.
- Die wolf het meel op sy pote gesit.
- Die bokkies het klippe in die wolf se maag gesit.

2 Merk die woorde wat ons van gevoelens vertel.
besig, gelukkig, bang
hartseer, bedrieglik, bekommerd

3 Hoe het die Mamma Bok haar sewe bokkies gered?

WEEK 9 • DONDERDAG • 111

**Hersien**
- Herlees die storie *Die wolf en die sewe bokkies*.

**Antwoord vrae**
- Die leerders moet die antwoorde in die teks vind.

**Bespreek** Watter les het die klein bokkies geleer? *(om versigting vir vreemdelinge te wees)*

**Kontroleer antwoorde saam**




## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27

**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike take wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.






## UITVOERENDE KUNSTE Voer op

30 min

**Voer op**
- Elke paar voer die dialoog wat hulle geoefen het, op.
- Kies die sterkste paar om eerste op te tree.

**Evalueer**
- Prys en gee applous vir elke paar.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



## VRYDAG



### LUISTER EN PRAAT Bestry brande

Working on Fire help om veldbrande te voorkom en te bestuur. Die werkers maak brandpaaie en kap ook die bome en bosse af sodat die brand nie moet versprei nie. Hulle help ook om die veld te herstel na ’n brand. Daar is verskillende werke in die Working on Fire-organisasie. Sommige mense is brandbestryders (brandweermanne) en ander vlieëniers. Van die WOF-brandbestryders het na Kanada gegaan om met veldbrande daar te help.

**Pare** Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra ’n paar leerders om hul menings te deel met die klas. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Gesels oor wat julle uitgevind het.

**bl. 109**
**15 min**
**MG bl. 45**






### AANVANGSKENNIS Bestry brande

**15 min**

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken ’n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.





### KLANKE Spoedlees woorde

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir ’n maat.
- Die onderwyser hou tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.

**bl. 112**
**15 min**
**MG bl. 16–17**


DATUM

Spoedlees woorde

**Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| beste | mense | lees | sing | ook |
| snaaks | groen | moet | vol | ons |
| doen | sproet | warm | skop | sny |
| gehad | pot | werk | koud | land |
| bad | spring | melk | waarom | skroef |
| môre | skryf | lig | stroom | goed |
| tand | seer | nooit | kry | vandag |
| hond | skree | swem | want | stop |
| water | proe | vroeg | verf | tafel |
| vier | geel | stroop | tak | tuin |

Hoogste telling: ______ woorde per minuut

112 • WEEK 9 • VRYDAG



### SKRYF My nuus

**15 min**

**Verskaf ’n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.







## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde op die *Vind uit*-vraag in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is hersieningsweek so daar is geen gestruktureede daaglikse program nie.
Hier volg voorstelle vir hersieningsaktiwiteite wat enige tyd van die week gedoen kan word.



## LUISTER EN PRAAT

- Die leerders kies 'n storie wat hulle graag wil hê jy weer vir hulle moet lees.
- Vra een of twee leerders om 'n ander storie oor te vertel,
- Pare: Vertel 'n gunstelingstorie vir jou maat.
- Sê rympies of gedigte individueel of in klein groepies op.
- Nooi iemand uit die gemeenskap om die klas te besoek en te praat oor hoe hulle die gemeenskap help, bv. 'n verpleegster, 'n bibliotekaris.
- Voer onderhoude met lede van die gemeenskap wat help.





## LEES

- Lees weer die stories in die LAB wat die leerders hierdie kwartaal baie geniet het.
- Pare: Lees die sinstroke van elke week.
- Pare: Lees die tekste van elke week se Lees in pare.
- Onafhanklik: Lees boeke van die leeshoekie/biblioteek.





## KLANKE

- Pare lees weer die woorde op die klankbladsye.
- Hou 'n spankompetisie om flitskaarte reg te lees.
- Herhaal spoedlees- en diktee-aktiwiteite en probeer om jou telling te verbeter.
- Kontroleer of alle Onafhanklike Werk-bladsye in die LAB korrek voltooi is.
- Kontroleer of dit reg gedoen is.
- Doen klankaktiwiteite in die DBO-werkboek vir Geletterdheid.





## SKRYF

- Verduidelik aan hulle om onbekende woorde te klank of om die woorde op die Woordmuur te gebruik.
- Moedig groepe leerders aan om 'n boek vir die boekhoekie te maak.





## AANVANGSKENNIS EN PSW

- Voltooi die byhou van die kompos-eksperiment.
- Die leerders voltooi enige onvoltooide bladsye in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid. Party van die aktiwiteite is meer as net potlood-en-papier-aktiwiteite, en sluit ook teken, toneelspeel en bespreking in.




## VISUELE KUNSTE

- Voorsien die leerders van kunsvoorrade soos kryte, viltpenne en papier van verskillende groottes of kleure. Laat die leerders kies wat hulle graag wil teken.
- Laat die leerders hul werk aan die groep of klas wys en verduidelik wat hulle gekies het om te teken.



## LIGGAAMSOPVOEDING

- Speel tradisionele speletjies.
- Hou 'n sportdag met spanne wat teen mekaar meeding. Doen die aktiwiteite van die kwartaal.



### ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 3

- Voorgestelde fotokopieerbare take vir formele assessering in Week 6–8 word aan die einde van hierdie Onderwysersgids verskaf.
- Mondelinge take vir formele assessering kom in die Onderwysersgids voor, meestal in Week 6–8.
- Informele assessering van die leerders se vordering, vind dwarsdeur die kwartaal plaas.
- Assesseringsriglyne en nasienkriteria word agterin hierdie Onderwysersgids verskaf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Assessering Kwartaal 3 Week 6** | | | |
| Maandag | Handskrif Assessering 1 | OEFENBOEK | OG bl. 69 |
| Ma.-Di. | Visuele Kuns Assessering 1: 2D (skilder blomme) | PRAKTIES | OG bl. 69, 70 |
| Di./Wo./Do. | Luister en Praat Assessering 1: Storievolgorde en begrip | MONDELING | OG bl. 70, 72, 74 |
| Woensdag | Skryf Assessering 1: Storie | OEFENBOEK | OG bl. 73 |
| Vrydag | Skryf Assessering 2: Nuus | OEFENBOEK | OG bl. 76 |
| **Assessering Kwartaal 3 Week 7** | | | |
| Dinsdag | Aanvangskennis Assessering 1: Wie is veilig? | OG bl. 126 | OG bl. 82 |
| Di.-Vr. | Liggaamsopvoeding Assessering 1: Lateraliteit en koördinasie | PRAKTIES | OG bl. 83, 85, 87, 89 |
| Woensdag | Skryf Assessering 3: Paragrawe | OEFENBOEK | OG bl. 85 |
| Donderdag | Aanvangskennis Assessering 2: Veiligheid van openbare vervoer | OG bl. 127 | OG bl. 86 |
| Donderdag | Uitvoerende Kunste Assessering 1: Rolspel | PRAKTIES | OG bl. 85, 86 |
| Vrydag | Luister en Praat Assessering 2: Terugvoering oor *Vind uit* | MONDELING | OG bl. 116 |
| **Assessering Kwartaal 3 Week 8** | | | |
| Ma.- Vr. | Lees Assessering 1: Hardoplees en beantwoord vrae | MONDELING | OG bl. 93, 95, 97, 99, 101 |
| Dinsdag | Aanvangskennis Assessering 3: Klassifikasie | OG bl. 128 | OG bl. 94 |
| Dinsdag | Klanke Assessering 1: Skryf van klanke | OG bl. 129 | OG bl. 94 |
| Di.-Vr. | Liggaamsopvoeding Assessering 2: Sport en speletjies | PRAKTIES | OG bl. 95, 101 |
| Wo./Do. | Uitvoerende Kunste 2: Improviseer en interpreteer | PRAKTIES | OG bl. 97, 99 |
| Donderdag | Lees Assessering 2: Beantwoord vrae skriftelik | OG bl. 130 | OG bl. 99 |
| Vrydag | Klanke Assessering 2: Diktee | OEFENBOEK | OG bl. 100 |

### PUNTESTATE, KWARTAAL 3

Gebruik hierdie QR-kode om die puntestate vir die assesseringsaktiwiteite af te laai.

**Funda Wande-puntestate**

## LUISTER EN PRAAT Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| LUISTER EN PRAAT Assessering 1: Storievolgorde en begrip<br>(Week 6 Dinsdag/Woensdag/Donderdag) OG bladsy 70, 72, 74 | | | | | 5 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Vertel die storie van Dora se ouma en die Phelophepa-trein in volgorde oor met begin, middel en einde.<br>• Beantwoord laer-orde-vrae korrek.<br>• Beantwoord hoër-orde-vrae met redes. | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Sukkel om die storie in volgorde oor te vertel en sukkel om laer-orde-vrae korrek te beantwoord. | Hervertel die begin van die storie en beantwoord een of twee van die vrae. | Hervertel die begin en middel van die storie in volgorde en beantwoord al die laer-orde-vrae. | Hervertel die begin, middel en einde van die storie en beantwoord al die laer-orde-vrae en sommige hoër-orde-vrae. | Hervertel die volle storie in volgorde met begin, middel, en einde en beantwoord sowel laer- as hoër-orde-vrae met selfvertroue. |
| **LUISTER EN PRAAT Assessering 2: Deel iets wat julle oor pikkewyne geleer het<br>(Week 7 Vrydag) OG bladsy 88** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>• Bied 2–3 sinne oor pikkewyne aan (Vind uit aktiwiteit).<br>• Postuur: Staan regop en kyk na die gehoor.<br>• Stemprojeksie: Duidelik en hoorbaar. | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Praat oor die onderwerp in slegs 2–3 woorde. Postuur en stemprojeksie is swak. | Praat oor die onderwerp in slegs 1 sin. Postuur en stemprojeksie is swak. | Praat oor onderwerp in 2 sinne. Postuur en stemprojeksie is voldoende. | Praat oor die onderwerp in 3 sinne. Postuur en stemprojeksie is goed. | Praat oor die onderwerp in 3 uitstekende sinne. Postuur en stemprojeksie is uitstekend. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **10 punte** |
| Die leerder:<br>1. Luister na stories en neem met genot deel<br>2. Hervertel stories wat alreeds gelees is, in volgorde<br>3. Vertel eie stories met selfvertroue<br>4. Beantwoord vrae oor die storie wat gelees of vertel is<br>5. Kan alternatiewe eindes vir stories opmaak | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Voldoen aan 1 maatstaf. | Voldoen aan 2 maatstawwe. | Voldoen aan 3 maatstawwe. | Voldoen aan 4 maatstawwe. | Voldoen aan al 5 maatstawwe. |
| Die leerder:<br>1. Neem aktief deel aan klasbesprekings en neem beurte<br>2. Lewer kommentaar op ander se bydraes<br>3. Luister aandagtig na meervoudige instruksies<br>4. Vra vir duidelikheid as hy/sy nie verstaan nie<br>5. Volg instruksies noukeurig | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Voldoen aan 1 maatstaf. | Voldoen aan 2 maatstawwe. | Voldoen aan 3 maatstawwe. | Voldoen aan 4 maatstawwe. | Voldoen aan al 5 maatstawwe. |
| **Totaal** | | | | | **20 punte** |

## KLANKE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| KLANKE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste<br>(Week 8 Dinsdag) OG bladsy 94, 129 | | | | | 10 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>Klanke:<br>1. kn-<br>2. kw-<br>3. pr-<br>4. sl-<br>5. sn-<br>Woorde:<br>1. prins<br>2. snoek<br>3. knoop<br>4. kwas<br>5. slak | | | | | |
| **KLANKE Assessering 1: Diktee<br>(Week 8 Vrydag) OG bladsy 100** | | | | | **5 punte** |
| 1 punt vir elke korrekte woord:<br>1. vleis<br>2. vrou<br>3. swerm<br>4. spoor<br>5. sluit | | | | | |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Bou woorde met aangeleerde klanke (LAB aktiwiteite)<br>2. Lees woorde deur klankkennis te gebruik<br>3. Gebruik klankkennis in skryf<br>4. Spel woorde korrek in diktee-aktiwiteite<br>5. Toon toenemende vlotheid (akkuraatheid en spoed) in spoedlees van woorde | Voldoen aan 1 of 0 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **20 punte** |

## LEES Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

<table>
<tr><td colspan="5">LEES Assessering 1: Hardop lees en beantwoording van vrae<br>(Week 8 Maandag tot Vrydag) OG bladsy 93, 95, 97, 99, 101</td><td>10 punte</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Die leerder:<br>• Lees hardop vir onderwyser vir 2–3 minute<br>• Herken sigwoorde en dekodeer woorde deur klanke en kontekstuele analise te gebruik<br>• Lees vlot en met uitdrukking<br>• Reageer op ten minste 3 vrae (sowel laer- as hoër-ordevrae)<br>• Is in staat om karakters en agtergrond te identifiseer</td><td>2</td><td>4</td><td>6</td><td>8</td><td>10</td></tr>
<tr><td>Lees uit eie boek ’n teks van 1–2 reëls met ondersteuning van onderwyser.<br>Is nie in staat om enige vrae te beantwoord of karakters te identifiseer nie.</td><td>Lees woord vir woord ’n teks van 3–4 reëls en reageer korrek op 1–2 laer-ordevrae of kan agtergrond identifiseer.</td><td>Lees hardop uit eie leesboek ’n teks van 5–6 reëls en reageer korrek op 3 laer-ordevrae. Kan karakters en agtergrond identifiseer.</td><td>Lees vlot uit eie leesboek ’n teks van 7–8 reëls en reageer korrek op 3 laer- en hoër-ordevrae. Kan karakters en agtergrond identifiseer.</td><td>Lees vlot en met uitdrukking uit eie leesboek ’n teks van meer as 10 reëls en reageer korrek op 3 laer- en hoër-ordevrae. Kan besonderhede oor karakters en agtergrond gee.</td></tr>
<tr><td colspan="5">LEES Assessering 2: Geskrewe begripsaktiwiteit<br>(Week 8 Donderdag) OG bladsy 99, 130</td><td>10 punte</td></tr>
<tr><td colspan="6">1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>1. 1 meter van die kant van die pad, by ’n voetoorgang (2 punte)<br>2. motorenjins, toeters (2 punte)<br>3. Toeter – luister, Verkeerslig – kyk; 1 meter van die kant van die pad – stop; Is die pad veilig – dink (4 punte)<br>4. Leerder se eie antwoord – ten minste 2 stellings (2 punte)</td></tr>
<tr><td colspan="5">KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)</td><td>5 punte</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Die leerder:<br>1. Luister aandagtig en vra en beantwoord vrae tydens Gedeelde Lees<br>2. Identifiseer woorde/woordgroepe tydens Sinsbou en is in staat om die regte woorde uit te knip<br>3. Is in staat om die sin sonder hulp weer korrek saam te stel<br>4. Lees die storie in klein groepies en onafhanklik<br>5. Skryf woordeskat van die storie in persoonlike woordeboek</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Voldoen aan 1 maatstaf</td><td>Voldoen aan 2 maatstawwe</td><td>Voldoen aan 3 maatstawwe</td><td>Voldoen aan 4 maatstawwe</td><td>Voldoen aan al 5 maatstawwe</td></tr>
<tr><td colspan="5">Totaal</td><td>25 punte</td></tr>
</table>

## HANDSKRIF Assesseringsrubriek en Kontrolelyste

| HANDSKRIF Assessering 1<br>(Week 6 Maandag) OG bladsy 69 | | | | | 5 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Kopieer 2–3 kort sinne en gee aandag aan rigting, korrekte lettervorming van sowel hoof- as kleinletters, grootte en spasiëring binne die lyne.<br>• Gebruik leestekens, bv. punte, vraagtekens, kommas, aanhalingstekens, uitroeptekens korrek.<br>• Skryf woorde op die lyne. | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Benodig ondersteuning met die skryf van 1 kort sin met leestekens. | Kan 1 kort sin met leestekens skryf, maar korrekte lettervorming, spasiëring tussen woorde en grootte van letters word nie waargeneem nie. | Kan 1 kort sin met leestekens skryf, aandag word ook aan lettervorming gegee, maar spasiëring tussen woorde kan nie waargeneem word nie. | Kan 2 kort sinne met leestekens skryf, mooi aandag word aan korrekte lettervorming gegee en spasiëring tussen woorde kan waargeneem word. | Kan 3 en meer kort sinne met leestekens skryf, mooi aandag word ook aan korrekte lettervorming en grootte gegee, spasiëring tussen woorde kan waargeneem word. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>1. Het die korrekte potloodgreep en plasing van skryfmateriaal<br>2. Vorm 26 klein- en hoofletters korrek<br>3. Skryf en gebruik leestekens: punte, vraagtekens, kommas<br>4. Skryf woorde met die korrekte spasiëring tussen letters en woorde<br>5. Kopieer en skryf twee of meer sinne netjies en leesbaar | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **10 punte** |

## SKRYF Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **SKRYF Assessering 1: Skryf 'n storie (Week 6 Woensdag) OG bladsy 73** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Skryf 'n oorspronklike storie deur die temawoordeskat en skryfraam te gebruik.<br>• Gebruik hoofletters (aan die begin van 'n sin asook vir Eiename) en korrekte leestekens (punte, kommas, afkappingsteken).<br>• Illustreer die storie met 'n gepaste tekening.<br>• Gebruik die verledetyd. | Sukkel om die skryfraam te voltooi en gebruik nie die tema se woordeskat nie. Gebruik nie leestekens korrek nie. Tekening hou nie verband met die storie nie. | Probeer om die skryfraam te voltooi, maar gebruik nie die oorspronklike idees of woordeskat nie. Gebruik sommige leestekens korrek. Tekening hou gedeeltelik verband met die storie. | Voltooi die skryfraam, maar woordeskat is beperk. Gebruik sommige leestekens korrek. Tekening hou gedeeltelik verband met die storie. | Voltooi die skryfraam voldoende, maar woordeskat is beperk. Gebruik leestekens meestal korrek. Tekening hou verband met die storie. | Voltooi die skryfraam en maak gebruik van oorspronklike idees en 'n ryk woordeskat, korrekte leestekens sowel as 'n gepaste tekening. |
| **SKRYF Assessering 2: Skryf nuus (Week 6 Vrydag) OG bladsy 76** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Skryf een paragraaf (ten minste drie sinne) oor persoonlike ervaring of gebeurtenis.<br>• Gebruik hoofletters (aan die begin van 'n sin asook vir Eiename) en korrekte leestekens (punte, kommas, afkappingsteken). | Sukkel om een sin oor eie nuus te skryf en gebruik geen leestekens nie | Probeer om 2 sinne oor eie nuus te skryf, maar gebruik hoofletters foutiewelik. | Skryf 3 sinne oor eie nuus en gebruik hoofletters en punte. | Skryf 4 sinne oor eie nuus in 'n paragraaf en gebruik hoofletters en punte sowel as korrekte taal en spelling. | Skryf 5 sinne oor eie nuus in 'n paragraaf en gebruik hoofletters en punte sowel as korrekte taal en spelling. |
| **SKRYF Assessering 3: Skryf 2 paragrawe oor padveiligheid (Week 7 Woensdag) OG bladsy 85** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Skryf twee paragrawe deur die volgorde woorde te gebruik.<br>• Skryf 'n openingsparagraaf van 2 sinne en gee goeie redes waarom padveiligheid belangrik is.<br>• Gebruik volgordewoorde korrek.<br>• Gee ten minste drie voorstelle om veilig te bly.<br>• Gebruik hoofletters en leestekens korrek. | Sukkel om die teks onafhanklik te voltooi. Teks hou nie verband met onderwerp nie. Volgorde-woorde word nie gebruik nie. | Poog om skryfwerk te voltooi. Die teks hou gedeeltelik verband met die onderwerp. Sommige volgorde-woorde is gebruik. | Voltooi skryfwerk en teks hou gedeeltelik verband met die onderwerp. Volgorde-woorde word korrek gebruik. | Voltooi die skryfwerk voldoende, gebruik interessante woordeskat. Die teks hou verband met die onderwerp. Volgorde-woorde word korrek gebruik. | Voltooi die skryfwerk met oorspronklike idees en ryk woordeskat. Die teks hou verband met die onderwerp en volgorde-woorde word korrek gebruik. |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

# ASSESSERING

## AK EN PSW Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **AK/PSW Assessering 1: Wie is veilig? (Week 7 Dinsdag) OG bladsy 82, 126** | | | | | **10 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 punt vir elke korrekte antwoord + 1 punt vir elke rede verskaf<br>1. Nee 2. Ja 3. Ja 4. Ja 5. Ja | | | | | |
| **AK/PSW Assessering 2: Bly veilig (Week 7 Donderdag) OG bladsy 86, 127** | | | | | **10 punte** |
| **Deel 1**<br>1 punt vir elke korrekte antwoord (5 punte)<br>Prent 1 – Sit plat en dra jou veiligheidsgordel<br>Prent 2 – Moenie die bestuurder pla terwyl hy/sy bestuur nie<br>Prent 3 – Moenie opstaan terwyl die taxi beweeg nie<br>Prent 4 – Bedek jou mond en neus indien jy hoes of nies<br>Prent 5 – Moenie op- of afklim totdat die voertuig heeltemal gestop het nie | | | | | |
| **Deel 2**<br>Paragraaf: 5 punte | | | | | |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Skryf ten minste 3 sinne.<br>• Gee ten minste 3 maniere hoe om veilig te wees op publieke vervoer.<br>• Gebruik hoofletters en leestekens korrek. | Sukkel om die paragraaf onafhanklik te voltooi. Die teks hou nie verband met die onderwerp nie. Gebruik nie leestekens korrek nie. | Probeer om die paragraaf te voltooi. Die teks voldoen gedeeltelik aan die onderwerp. Sommige leestekens is gebruik. | Voltooi die paragraaf en die teks pas gedeeltelik by die onderwerp. Leestekens word korrek gebruik. | Voltooi die paragraaf voldoende, deur interessante idees te gebruik. Die teks pas by die onderwerp. Leestekens word korrek gebruik. | Voltooi die paragraaf deur oorspronklike idees en uitgebreide woordeskat te gebruik. Die teks pas by die onderwerp en leestekens word korrek gebruik. |
| **AK/PSW Assessering 3: Klassifikasie – skryf titels (Week 8 Dinsdag) OG bladsy 94, 128** | | | | | **5 punte** |
| 1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>1. *Wesens* wat in die grond leef 2. Dinge wat ons kan *herwin* 3. *Voertuie* wat goedere vervoer<br>4. Verskillende soorte *treine* 5. Primêre *kleure*. | | | | | |
| **KLASKAMERWAARNEMING: PSW (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Luister aandagtig tydens lesse<br>2. Neem deel aan besprekings<br>3. Neem beurte en deel<br>4. Bespreek eie gevoelens en gedagtes<br>5. Is bedagsaam teenoor ander leerders | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **KLASKAMERWAARNEMING: AK (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Volg instruksies<br>2. Gebruik inisiatief met die voltooiing van aktiwiteite<br>3. Dra eie idees by tydens besprekings<br>4. Gee opinies oor die tema-onderwerpe, bv.: Waarom is klasreëls belangrik?<br>5. Toon bewyse van navorsing in die Vind uit aktiwiteite | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **35 punte** |

## VISUELE KUNSTE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **VISUELE KUNSTE Assessering 1: Skilder blomme (Week 6 Maandag/Dinsdag) OG bladsy 69, 70** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • 'n Prent van sonneblomme en 'n blompot met regte blomme om waar te neem.<br>• Die prent te skep deur ⅓ van die bladsy vir die blompot en ⅔ van die bladsy vir die blomme te gebruik.<br>• Blomme te skilder deur skadu te gebruik<br>• Die blomstingels wat die lip van die blompot raak te skilder.<br>• 'n Kleurvolle komposisie te skep. | Swak waarneming. Volle bladsy nie benut nie. Blomme nie in korrekte verhouding met blompot nie.<br>Geen variasie of skadu in die skildery. | Swak waarneming.<br>Prent oor volle bladsy, maar proporsies is nie korrek nie. Blomme nie in korrekte verhouding met blompot. Klein verskeidenheid van skadu in die blomme. | Voldoende waarneming.<br>Prent vul die volle bladsy in die regte proporsies.<br>Blomme in korrekte verhouding met die blompot<br>Klein verskeidenheid van skadu in die blomme. | Goeie waarneming. Prent vul die volle bladsy in die regte proporsies.<br>Blomme in korrekte verhouding met die blompot. Skadu in blomme waarneembaar. | Uitstekende waarneming. Prent vul die volle bladsy in die regte proporsies. Blomme in korrekte verhouding met blompot. Goeie variasie van skadu in die blomme. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Al die aktiwiteite te voltooi<br>2. Bewyse van beplanning voor uitvoering van aktiwiteite te toon<br>3. Gereedskap suksesvol te hanteer – skêre, verfkwaste, kryte, viltpenne, gom, ens.<br>4. Instruksies te volg<br>5. Bewyse van genot en kreatiwiteit te toon | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **10 punte** |

## UITVOERENDE KUNSTE Assesseringsrubriek en Kontrolelys

| UITVOERENDE KUNSTE Assessering 1: Rolspel (Week 7 Donderdag) OG bladsy 85, 86 | | | | | 5 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• In 'n groep te werk om 'n toneel te kies.<br>• Karakters te kies.<br>• Die toneel in volgorde te rolspel.<br>• Duidelike dialoog te gebruik.<br>• Gepaste aksies te gebruik.<br>• Duidelik en met die voldoende volume te praat. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | Lewer geen bydrae in die groep nie. Rolspel of praat nie in die toneel nie. | Gee 'n paar idees vir die groep. Rolspel en praat minimaal in die toneel. | Voldoende bydrae tot die groep om die toneel te beplan. Rolspel voldoende, maar praat nie duidelik nie. | Werk saam met die groep om die toneel te beplan. Rolspel goed, praat duidelik en hard. | Help die groep met beplanning van die toneel. Rolspel met selfvertroue en met goeie stemprojeksie en volume. |
| **UITVOERENDE KUNSTE Assessering 2: Improviseer en interpreteer (Week 8 Woensdag/Donderdag) OG bladsy 97, 99** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>• Instruksies te volg.<br>• Op opdragte te reageer.<br>• Lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings, bv. hardloop, hop, huppel uit te voer.<br>• Verbeelding te gebruik om bewegings te interpreter, bv. beweeg soos 'n trein wat teen 'n heuwel uitgaan. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | Volg nie instruksies onafhanklik nie en is nie instaat om bewegings met vertroue te doen nie. Kan nie verbeelding gebruik wanneer bewegings geïnterpreteer word nie. | Volg sommige instruksies en opdragte. Is in staat om die meeste bewegings uit te voer, maar toon min verbeelding wanneer bewegings geïnterpreteer word. | Volg meestal instruksies en opdragte. Is in staat om bewegings uit te voer maar toon beperkte verbeelding wanneer bewegings geïnterpreteer word. | Volg alle instruksies en opdragte. Is in staat om die meeste bewegings te interpreteer en kan met vertroue beweeg. | Volg alle instruksies en opdragte met vertroue. Is in staat om bewegings te interpreteer en beweeg met vertroue en genot. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>1. Aan alle lesse deel te neem<br>2. In 'n groep te werk – beurte te neem, idees uit te ruil<br>3. Liedjies en rympies met aksies uit te voer<br>4. Met selfvertroue aan rolspel en storievertelling deel neem<br>5. Met koördinasie en selfvertroue te beweeg en te dans | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

## LIGGAAMSOPVOEDING Assesseringsrubriek en Kontrolelyste

| **LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 1: Koördinasie en lateraliteit (Week 7 Dinsdag–Vrydag) OG bladsy 83, 85, 87, 89** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Hardloop kloks- en antikloksgewys in sirkelformasie<br>• Gooi 'n bal kloks- en antikloksgewys in sirkelformasie<br>• Gooi 'n bal sywaarts soos in rugby | Volg nie instruksies nie.<br>Kan nie van rigting verander of 'n bal gooi nie. | Probeer om sommige instruksies te volg. Verander nie altyd in korrekte rigting nie. Kan die bal soms beheer. | Probeer om sommige instruksies te volg. Is in staat om van rigting te verander. Kan die bal ten minste vir die helfte van die tyd beheer. | Volg instruksies goed. Verander van rigting en kan die bal meestal beheer. | Volg instruksies goed. Verander van rigting en beheer die bal korrek deur die volle aktiwiteit. |
| **LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 2: Sport en speletjies (Week 8, Dinsdag–Vrydag) OG bladsy 95, 101** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Instruksies te volg.<br>• Die reëls van die speletjie te verstaan.<br>• Aktief aan die speletjie deel te neem.<br>• Saam met ander te werk. | Nie in staat om instruksies te volg nie. Verstaan nie die reëls nie of neem nie deel aan die speletjie nie. Kan nie saam met ander werk nie. | Volg sommige instruksies en probeer om die reëls te volg en aan die speletjie deel te neem. Samewerking met ander verg aandag. | Volg die meeste van die instruksies. Ken die meeste van die reëls en neem deel aan die speletjie. Kan met ander saamwerk. | Volg alle instruksies. Ken die reëls en neem deel aan die speletjie. Samewerking met ander is voldoende. | Volg instruksies baie goed. Ken die reëls en neem ten volle deel aan die speletjie. Uitstekende samewerking met ander. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **20 punte** |
| **1 punt = 1 maatstaf** | | | | | |
| 1. Volg instruksies<br>2. Neem beurte<br>3. Werk in 'n span<br>4. Warm op en koel af<br>5. Volg 'n hindernisbaan<br>6. Hang aan stawe van 'n hangbruggie<br>7. Balanseer op een been<br>8. Balanseer op toue of apparaat, met arms horisontaal<br>9. Strek en krul die liggaam<br>10. Vooroor- en of agteroorrolle | 11. Kruip deur 'n tonnel<br>12. Spring en huppel oor toue<br>13. Gooi en vang 'n tennisbal<br>14. Speel 'n tradisionele speletjie<br>15. Volg die reëls van ander speletjies<br>16. Deelname in spanresies, bv. aflosresies<br>17. Speel met 'n boontjiesakkie op verskillende maniere, bv. gooi, balanseer op verskillende liggaamsdele, ens.<br>18. Reageer vinnig op bevele in reaksiespeletjies<br>19. Deelname aan waarnemingspeletjies soos aartappelresies | | | | |
| **Totaal** | | | | | **30 punte** |

NAAM ____________________ DATUM ____________

# Wie is veilig?

**Merk Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord.**



☐ Ja ____________________

☐ Nee ____________________



☐ Ja ____________________

☐ Nee ____________________



☐ Ja ____________________

☐ Nee ____________________



☐ Ja ____________________

☐ Nee ____________________



☐ Ja ____________________

☐ Nee ____________________

NAAM ______________________ DATUM ______________

# Bly veilig op openbare vervoer

**Pas die prente by die opskrifte. Skryf 'n paragraaf.**












Moenie op- of afklim voordat die voertuig nie heeltemal gestop het nie.

Moenie die bestuurder pla terwyl die persoon bestuur nie.

Sit stil en dra jou veiligheidsgordel.

Bedek jou neus en mond wanneer jy hoes of nies.

Moenie opstaan terwyl die taxi ry nie.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

NAAM ______________________ DATUM ______________

# Wat is hulle?

**Skryf 'n onderskrif vir elke groep. Gebruik die prent as 'n leidraad.**

1




______________________

2




______________________

3




______________________

4




______________________

NAAM ________________________ DATUM ________________

## Skryf die klanke.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

## Vul die klanke in.




s l ot



1 ________ ins



2 ________ oek



3 ________ oop



4 ________ as



5 ________ ak

**NAAM** ______________________ **DATUM** ______________

# Leesbegrip

**Lees die teks Stop! Kyk! Luister! Dink!**
**Merk al die regte antwoorde.**




1. Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek __________ stop.
   - ○ 1 meter van die kant van die pad af
   - ○ tussen geparkeerde motors
   - ○ by 'n kruising

2. Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek luister vir
   ○ motorenjins. ○ toeters. ○ die skoolklok.

3. Maak 'n regmerkie in die regte kolom.

| | Stop! | Kyk! | Luister! | Dink! |
|---|---|---|---|---|
| Toeter | | | ✔ | |
| Verkeersligte | | | | |
| 1 meter vanaf die kant van die pad | | | | |
| Is die pad skoon (veilig)? | | | | |

4. Wanneer ek die pad oorsteek, moet ek altyd onthou om

_______________________________________________

_______________________________________________





# Funda Wande

Reading for Meaning

Graad 1 | Graad 2 | Graad 3

**Funda Wande Hulpbronne**



Graad 1 | Graad 2 | Graad 3

**Assessering**



## Afrikaans E-klaskamer

Druk op die blokkies om toegang tot die bronne te kry.





**Klanke**

Graad 1 | Graad 2 | Graad 3



**Groepbegeleide Lees**

Graad 1 | Graad 2 | Graad 3

Skandeer!

Western Cape Government
Education
FOR YOU

Western Cape Government
Education
FOR YOU

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-991225-17-7

VERSION 2.0